

# **DIE NUWE AFRIKAANSE BYBELVERTALING**

Rapport van die Klassis Pretoria-Sentraal

8 November 1984

**INHOUD**

DIE NUWE AFRIKAANSE BYBELVERTALING .....	1
RAPPORT VAN DIE KLASSIS PRETORIA-SENTRAAL OOR DIE NUWE AFRIKAANSE BYBELVERTALING (NAV) .....	3
BYLAAG A: DIE NAME VAN GOD.....	7
BYLAAG B: BYBELVERTALING.....	9
BYLAAG C: 'n NUWE AFRIKAANSE BYBELVERTALING.....	12
BYLAAG D: ENKELE BESWARE TEEN DIE NUWE AFRIKAANSE BYBEL- VERTALING .....	21
BYLAAG E: DIE NUWE AFRIKAANSE BYBEL: VERTALING OF PARAFRASE?.	26
BYLAAG F: DIE PARAFRASE .....	32
BYLAAG G: DIE NIDA-SKOOL .....	40
BYLAAG H: DIE "UNITED BIBLE SOCIETIES" (UBS).....	42
BYLAAG I: BESWARE VANUIT DIE DORDTSE LEERREËLS TEEN DIE 1983- VERTALING VAN DIE BYBEL IN AFRIKAANS.....	44
BYLAAG J: Besware vanuit die belydenis in die Heidelbergse Kategismus: .....	47
BYLAAG K: Die "weg-vertaling" van Bybelwoorde - wins of verlies? .....	48
BRONNELYS .....	52

# **RAPPORT VAN DIE KLASSIS PRETORIA-SENTRAAL OOR DIE NUWE AFRIKAANSE BYBELVERTALING (NAV)**

## **1. Opdrag**

Op 21 Maart het die Klassis Pretoria-Sentraal die volgende mandaat aan deputate verleen:

- Om die kerke in die Klassis te adviseer oor die gebruik van die NAV binne die erediens en daarbuite
- om moontlike leerstellige leemtes, indien enige, aan te wys
- Om aan te dui of die NAV saam met die ou vertaling gebruik moet word, en indien wel, op watter wyse.

## **2. Werkwyse**

Die deputate het twee formele vergaderings gehou, waar ds N Droomer tot voorsitter en dr I L Bekker tot rapporteur verkies is. Meermale is informeel geskakel en gedagtes uitgeruil. Die arbeidsveld is opgedeel tussen die verskeie deputate en van elkeen is 'n geskrewe rapport oor sy werkterrein verwag. Afsonderlike verslae en adviesstukke is geredigeer tot een rapport met bylaes.

## **3. Uitgangspunt**

As uitgangspunt vir hierdie studie is geneem : 'n toetsing aan die grondtaalkteks van die Skrif en aan die Drie Formuliere van Eenheid van die regsinnigheid van die NAV van die Bybel.

Vertaalkundige, taalkundige en literatuurwetenskaplike aspekte van die NAV is in die lig van ons opdrag as van sekondêre belang beskou.

## 4. ***Aanbevelings***

Die Klassis beveel soos volg aan:

- 4.1 Die NAV moet weens onregsinnighede liefs nie vir amptelike woord- en Sakraments-bediening gebruik word nie.
- 4.2 Die ou Afrikaanse vertaling (OAV) word beskou as 'n baie letterlike vertaling waar veel aandag gegee is aan die oorspronklike koloriet en die literêre skoonheid van die taal. Alhoewel reeds verouderd en soms stram in taalgebruik, bly die OAV egter steeds 'n betroubare en waardige vertaling van God se Woord. Die OAV kan nog altyd met vrymoedigheid in die erediens gebruik word.
- 4.3 Die NAV is 'n vrye vertaling volgens die dinamies-ekwivalente vertalingsmetode. As sodanig neig dit tot parafrase en gee dit dikwels kommentaar op 'n bepaalde teks in plaas van 'n getroue vertaling van die teks. Die NAV verkies ook ontbeelding van die literêre gedeeltes van die Skrif en besig by voorkeur die “plat” taal van die man op straat. Die NAV is as sodanig dus nie in geheel 'n waardige en betroubare vertaling van God se Woord nie.  
Vanweë onregsinnighede wat voorkom kan dit nie met vrymoedigheid in die erediens en daarbuite as alternatiewe Afrikaanse vertaling gebruik word nie.
- 4.4 Die tyd is ryp vir 'n waardige nuwe vertaling van God se Woord in soepele, moderne Afrikaans met behoud van die literêre skoonheid en oorspronklike koloriet. So 'n vertaling moet uit die kerke na vore kom en geheel los staan van die beleidsdwang van die United Bible Societies.
- 4.5 Daar word aanbeveel dat die Nasionale Sinode hom teen die amptelike gebruik van die NAV uitspreek en stappe doen om tot 'n regsinnige vertaling te kom.

## 5. ***Motivering vir aanbevelings***

### 5.1 **Formeel**

- 5.1.1 In die NAV is geen verskil tussen die vertaling van Adonai en die Verbondsnaam Jahwe gemaak nie, albei is met Here

vertaal. Dit bring ernstige probleme mee ten opsigte van die verbondsleer van die Skrif (vergelyk Bylae A, pp 1-2, Bylae C, pp 9-11, Bylae D, p 5).

- 5.1.2 Die vertalingskommissie van die NAV het vrywel kritiekloos die teks van die United Bible Societies gebruik. Teen hierdie teks se klakkelose navolging word ernstig beswaar gemaak (vergelyk Bylae D, p 1, Bylae B, p 3).
- 5.1.3 Die NAV is vertaal volgens die dinamies-ekwivalente vertaalmetodes van Eugene Nida en andere. Hierdie modegier in die vertaalkunde is onbetroubaar as vertaalmetode vir die Skrif aangesien dit eerder omskryf as vertaal en geneig is tot parafrasering (vergelyk Bylae B, pp 1-3, Bylae D, pp 2-6, Bylae E, pp 1-6, Bylae F, pp 1-3, Bylae G, pp 1 e v).
- 5.1.4 Die vertalingskommissie van die NAV en die drie Afrikaanse kerke het hulle laat lei ten opsigte van vertalingsbeleid deur 'n ekumeniese liggaam soos die United Bible Societies onder leiding van sy vertalingskoördineerder, dr Eugene Nida, 'n voormalige Baptiste-predikant. Sodoende het byvoorbeeld die Gereformeerde Kerk se oorspronklike opdrag met betrekking tot die “soort” nuwe Bybelvertaling indringend verskil van die uiteindelijke produk wat deur die vertalingskommissie gelewer is (vergelyk Bylae G en Bylae H).
- 5.1.5 Die koloriet van die grondteks en daarmee samehangend die literêre skoonheid van veral die liriese gedeeltes van die Skrif, is deur die NAV wegvertaal en ontbeeld (vergelyk Bylae C, pp 3-10, Bylae E, pp 2-6, Bylae F en G).

## 5.2 Materieel

- 5.2.1 Die Messias-profesieë is in die NAV se vertaling van die Ou Testament op talle plekke wegvertaal (onder andere in Pss 45 en 110). Aangesien hierdie gedeeltes weer in die Nuwe Testament aangehaal word, gee dit aanleiding tot groot verwarring by gelowige Skriflesers (vergelyk Bylae C, pp 3-5, Bylae F).
- 5.2.2 Die Skriftekste wat ter fundering van die Drie Formuliere van Eenheid aangegee word, dek in die NAV se vertaling nie meer die konfessionele lading nie (vergelyk Bylae I en Bylae J).
- 5.2.3 Die taalgebruik van die NAV is plat, inkonsekwent en daarop ingestel om die lesers nie te ontstel nie. Daardeur word die Woord van God ontkrachtig en in sy waardigheid aangetas; die vertaling word op die mens as reseptor en sy voorkeure en smaak gerig (vergelyk Bylae C, pp 6-9, Bylae D, pp 2-4, Bylae F).

8 November 1984.

## BYLAAG A: DIE NAME VAN GOD

1. Reeds die Sinode van Dordrecht het besef, erken en uitgespreek dat die Nederlandse taal geen gepaste woord besit wat kan dien vir die vertaling van die naam **Jhwh** nie. Die Sinode het op sy “twaalfde sessie” besluit om **Jhwh** weer te gee met “**HEERE**”. Die besluit het gelui: “voor geraetsaem geoordeelt, dewijle daer geen bequaem ende gebruyckelick Nederlants xxwoordt en is, daer mede de cracht van dit xxwoort uytgedrukt can worden, dat de oversetters het xxwoort Jehova door het xxwoort Heere vertalen sullen ende dat dit xxwoort met groote letteren in den text uytgedrukt worde” (Vonk, C De voorzeide leer, deel 1a, pp 275 – 276).

Hierdie besluit word nog steeds geëerbiedig deur die Nederlandse vertalers.

2. Ondanks die probleme wat die vertalers in die verband voor te staan gekom het (vgl Die Kerkblad, 8 Jan 1984), moes óf by die besluit gehou word, óf moes die naam **Jahweh** onvertaald opgeneem word.

3. Dat daar met die nuutste vertaling geen verskil tussen **Adonai** en **Jahweh** in die vertaling gemaak word nie, skep probleme in die deurgee van die betekenis van die oorspronklike.

4. As voorbeeld van die probleem in 3 (bo) genoem, kan verwys word na 1 Kon 3: 5. Dat **Jahweh** aan Salomo verskyn het en dat **Elohim** die versoek tot hom gerig het, word nie met die vertaling onderskei nie, terwyl dit wel besondere betekenis het. Daar word dus afbreuk gedoen aan die betekenis. By **Jahweh** gaan dit om die Verbondsgod wat ingestel is op die voortbestaan van die volk Israel. Die naam **Jahweh** sit vas aan die geskiedenis van die volk Israel se uittog uit Egipte; aan die ontsaglike wonders waardeur God vir Israel die deure van die slawehuis oopgebreek en waaraan Israel sy lewe te danke gehad het. Die naam **Jahweh** mag nie van dié geskiedenis losgemaak word nie. Salomo wil vir die regering van God se volk God se bystand inroep. Nou verskyn God aan Salomo as **Jahweh** en nie as **Adonai** (vers 10) of **Elohim** (vers 5) nie –

wat beteken: God sorg vir Israel. Vir God en vir Salomo gaan dit hier om die voortbestaan en die regering van Israel. Dan vra **Elohim** (God) - in dieselfde vers, naamlik vers 5 - vir Salomo wat hy begeer. Die vertaling van **Elohim** word in die nuwe vertaling hier heeltemal weggelaat.

Voorop staan by die versoek **God die Almagtige** wat nou nie as Jahweh op Israel ingestel is nie, maar as Almagtige in staat is om aan Salomo enigiets te gee as antwoord op sy versoek.



## BYLAAG B: BYBELVERTALING

Soos ons weet is 'n nuwe Bybelvertaling in aantog. Dit is so dat die wetenskap nie stil gestaan het nie. Daarom sal 'n nuwe vertaling in baie opsigte 'n verbetering gee. Daar is ouer handskrifte ontdek. Van sommige woorde het nuwe lig opgegaan en dit kan 'n beter vertaling verstrek.

Daar is egter twee faktore wat myns insiens 'n nadelige rol speel.

1. Die strewe is daar vandag om te kom tot 'n dinamiese vertaling. Dit wil sê: die teks word vertaal, maar dan word dit oorgeset in woorde wat wel ongeveer die bedoeling weergee maar die oor-oorspronklike koloriet nie handhaaf nie. 'n Bekende voorbeeld lewer Ps 23: 4b: U stok en U staf die vertroos my. Dit word nou in die Nuwe Vertaling (NV): In U hande is ek veilig. S J du Toit het nog stok deur knopkierie vertaal. Dit is destyds onvanpas gevind. Maar dit was 'n letterlike vertaling wat die herderbeeld handhaaf. By 'n herder hoort 'n stok of 'n staf. Openb 12: 5 spreek van 'n ysterstaf. Maar die vertalers dink: Wat weet 'n moderne mens van 'n staf. Weg daarmee! Gee die beelde in ander woorde weer: in U hande is ek veilig. Myns insiens is dit geen VERTALING meer nie. Dit is 'n omskrywing en wel 'n armelike omskrywing in stads-japie-Afrikaans. As die staf verdwyn, wat moet ons dan met Sag 11, waarvan 2 stawe sprake is, dié van lieflikheid en dié van samebinding. Moontlik dink die vertalers dat Ps 23 belangriker is as Sag 11, sodat in Sag 11 'stawe' wel kan bly staan omdat dit tog nie so baie keer gelees word nie, al speel dit 'n groot rol met Judas (gee my my loon! 30 sikkels silwer).

As die Bybel so vertaal word gaan die beeldspraak weg en verdwyn die samehang.

Dit is verder 'n onderskatting van die Afrikaanse Boerenasie as so agraries terme weggewerk word.

Die Skrif word dan onleesbaar.

Alles word toutologie.

2. Die mens van vandag is ook afkerig van 'dogmatiek'. Die bloedteologie is altyd 'n steen des aanstoots. In die N V is deurgaans as daar oor die bloed van Christus gesprek is, vertaal: die DOOD van Christus. Ek veronderstel dat die vertalers dit uit goeie bedoelings gedoen het, maar dié vertaling is NIE reg nie. Die woord 'bloed' wys op die priesterlike werk van Christus. Hy was die Lam wat geslag is. 'n Aanhanger van die teologie van die rewolusie wat die dood van Christus net 'n skokkende moment vind, sal 'n dergelike vertaling verwelkom, maar hierdeur word ook duidelik dat dié vertaling daardeur te simpel is en gevare oproep en nie afsny nie.

Dieselfde kan gesê word van die wegwerking van stok en staf met: in U hande is ek veilig. Die mens van vandag wil immers geen Sinterklaas met 'n 'roede en gard' nie, en geen God met 'n wraak op Sy vyande? Dat 'n 'stok en staf', afweer van wolwe (stok, knots, knopkierie) en 'tug' oor skape (herderstaf) TROOS beteken, is nie meer vir elkeen evident

nie. Maar 'n vertaling: In U hande is ek veilig! druk geen wraak en tug uit nie. Verarming, groot verarming! Tugtelose en magtelose pastoraat sonder stok en staf!

Met 'n uitdrukking: 'vrede deur die bloed van die kruis' loop 'n mens trouens vas, want dit kan nie word: vrede deur die dood van die kruis. Hoogstens: dood aan die kruis, maar dit staan daar nie.

Die uitdrukking: heiliges is baie keer in die N T weergegee met 'gelowiges' Dit beteken dat die oorspronklike betekenis van 'om te heilig' = om af te sonder, prysgegee is. Bowendien: Israel was 'n heilige nasie (Ex 19) en daar is heiliges van die Aller-hoogste (Dan 7). Hierdie terme bepaal die gebruik van 'heiliges' in die N T. Die eenheid van die Bybel eis konkordante vertaling.

#### 'n Ontslaglike taak

Die N V is vertaal deur mense uit die drie kerke wat spesiaal daartoe vrygestel is. Kontrole van hierdie vertaling is amper 'n lewenswerk. As die vertaling kom (en 'n deel sal spoedig verskyn) moet ons óf die ou vertaling handhaaf; óf die N V gaan kontroleer.

Soos ek reeds laat uitkom het, sal daar baie punte wees waaroor ons verskil, omdat die uitgangspunte myns insiens aanvegbaar is en selfs pseudo-wetenskaplik. As ek 'n ou teks, bv Homerus, vertaal, moet ek so na as moontlik by die grondteks bly. Ek herinner my dat ek by die eindeksamen van die 'gymnasium' die term nomeus laoon vertaal het op dinamiese wyse met: offisier.

Die eksaminator, prof. Bolkestein wat werklik nie gereformeerd was nie, het gesê: meneer, letterlik asseblief: herder van die volke. Weet u nie, dat die woord (goeie) herder ook by ander volke voorkom en dat dit 'n ou-oosterse beeld is: die koning as herder. Ek het dit my lewe lank onthou (miskien ook wel omdat ek toe geen 8 maar 'n 7 vir my vertaling gekry het).

Die dinamiese vertaling is 'n modegril wat toegee aan die ont-Bybelde mens van vandag. Dit maak om te preek ONMOONTLIK. Want telkens moet ek dan sê: daar staan dit en dat, maar eintlik is hier 'n agrariese of ander beeld gebruik. As in Ps 23 staan: U berei die tafel voor my aangesig en U maak my hoof vet met olie en dit word vertaal met gasvryheid wat ondervind word, dan is dit wel op 'n manier 'n weergawe van wat bedoel word, maar in feite is dit 'n burgerlike vertaling wat die beelde (tafel, (salf-) olie) wegwerk en die leser beroof van die skilderagtigheid van die teks. Vir my is 'n vertaling wat net oor 'gasvryheid' spreek net 'n flop. Dit bevorder die ontBybe-ling. Ek sal my daarteen verset. Die moderne mens moet na die Skrif, maar die Skrif moet nie saai gemaak word om die moderne mens nie. Wat van 'n herder sonder knopkierie, 'n oosterse gasmaal sonder 'tafel' ('n omgekeerde sif soms) en 'olie' ? Vertaling in blik word so-iets. Alle tekste gaan op mekaar lyk en egte Bybelse terme soos 'heiliges' word weggewerk. Uit die XII artikels kan ons dan ook wel 'n gemeen-skap van die heiliges skrap, want die moderne mens ken geen heiliges.

Myns insiens sou dit onjuis wees om nie te probeer die vertaling anders te kry nie. Ek vrees egter dat as die grondprinsipes nie verander word nie, daar min te doen is. Koop dus die ou vertaling voor dit uitverkoop is. Origen twyfel ek nie of 'n latere geslag sal hom verontwaardig afvra waar 'heiliges' en 'stok' en 'tafel' en 'olie' gebly het. En hulle sal gaan roep om .... 'n nuutste vertaling.

## BYLAAG C: 'n NUWE AFRIKAANSE BYBELVERTALING

In verband met Biblia 83, die 50-jarige bestaan van die eerste Afrikaanse Bybelvertaling, het by die koerante Beeld en die Burger van 25 Augustus 1983 'n pragtige Bybel-bylae verskyn. Daarin word baie lof aan die 1933-vertaling van die Bybel toegeswaai. Dankbaarheid jeens die Heilige Gees word uitgespreek dat Hy die Heilige Skrif al 50 jaar in ons eie moedertaal gegee het. Ons stem van harte daarmee saam.

Andersyds lyk die dankbaarheid iets van die verlede tyd te wees. Want "die beste Kersgeskenk" wat ek in 1983 kan gee is die nuut vertaalde Afrikaanse Bybel wat teen Kersfees beskikbaar sal wees. Vyftien jaar gelede (in 1968) is aan dié nuwe vertaling begin. Vanaf dié tyd het gedeeltes van die nuut-vertaalde Bybel verskyn: In 1979 die Nuwe Testament en die Psalms. Einde van 1983 sal DV ook die volledige Ou Testament met die hersiene Nuwe Testament verskyn.

Oor die werk van die Britse-en-Buitelandse-Bybelgenootskap word 'n baie interessante artikel in dié Bybel bylae gepubliseer onder die titel "Vertaling bly grootste werk".

Ons lees onder andere "Waar die Nuwe Testament, vir die Christen die belangrikste deel, in 'n taal oorgesit is, word daarna die Ou Testament aangepak".

"Hierdie vertaalwerk is die grootste en moeilikste werk." Kennis alleen van die taal waarin hy die Bybel wil oorsit, is nie naastenby genoeg vir 'n vertaler nie. Die grootste deel van die Bybel sal, letterlik vertaal, vir 'n Eskimo of 'n Rooihuid in 'n Suid-Amerikaanse oerwoud heeltemal onverstaanbaar wees. Vergeet hier maar begrippe soos heil, sonde, vergiffenis, saligheid, en dink aan die konkrete dinge in die Bybel.

Hoe gaan jy sneeu verduidelik aan 'n inboorling in die Kongo se oerwoud? Hoe verklaar jy aan 'n Eskimo wat gebeur het nadat Christus die vyeboom vervloek het? Hoe gaan jy 'n verstaanbare vertaling van belangrike (?) dele uit die Bybel gee aan mense wat geen groter dier as 'n hond of 'n vark ken nie?

Dit is waarom 'n vertaler nie net die taal nie, maar ook die lewenswyse van die mense deeglik moet ken vir wie hy die Bybel wil gee. 'n Term soos "lam van God" moet vir mense wat nog nooit van 'n skaap gehoor het nie, en nie van die ou Hebreuse offerandes weet nie, in ander woorde gestel word wat so na as moontlik dieselfde begrip weergee.

Maar selfs dan moet 'n vertaler soms die verhaal van die Bybel verander om dit verstaanbaar te maak. Die vernedering van Jesus net voordat Hy gekruisig is ("en sommige het begin om op Hom te spuug") kan nie altyd woordeliks vertaal word nie. Vir verskeie primitiewe stamme is dit 'n eer as iemand op jou spuug. Die vertaler moet dus weet wat daardie mense as die vernederendste beskou, om die lydensgeskiedenis vir hulle nie heeltemal verwarrend te maak nie.

Daar is 'n stam vir wie slange die heerlikste lekkerny is. Vir daardie mense is dit 'n baie edele daad vir 'n vader om, as sy seun hom net 'n vis vra, hom 'n slang te gee. Om die Bergpredikatie dus sin te gee, moes die vertaler na iets anders soek. Vir daardie

inboorlinge is daar min aakliker diere as brulpaddas, en die vertaler het dus nie ver gesoek nie.

Die grootste moeilikheid is, soos 'n mens kan verwag, om die hoër begrippe aan 'n primitiewe volk te verduidelik; maar selfs met die doodgewone dinge kan 'n mens ernstige glipse maak.

In 'n deel van Indië is lank gemeen God is 'n ligblou wese. Dit was vir hulle niks snaaks nie, want een van hulle eie gode is glo donkerblou. Maar hoekom sou God dan vir hulle blou wees? Die vertaler wat hulle die Onse Vader gegee het, het die eerste sinsnede verkort tot "ons hemelse Vader", en vir "hemels" die woord gebruik wat gewoonlik die hemelruim se kleur aandui!"

Daar kom baie vrae by hierdie wyse van Bybelvertaling na vore. Allereers vra jy jou af of die vertaler homself nie grensloos oorskakel nie. Want hy wil nie slegs die Bybel in 'n ander taal oorbring nie, maar hy tree ook as uitlegger en verkondiger van die Woord van God op. Wie het hom die bevoegdheid daarvoor gegee? Die kerke? of 'n interkerklike kommissie of genootskap?

Vertaling en uitlegging is twee. Die swartman van Ethiopië het die Skrif gehad en gelees in 'n Griekse vertaling. Maar die Heilige Gees, die Outeur van die Heilige Skrif, stuur Filippus om die profesie uit te lê. Want die Ethiopiër verstaan nie wat hy lees nie, Hand 8.

Vervolgens: Waar haal die vertalers volgens hierdie (dinamies-ekwivalente) metode die reg vandaan om "soms die verhaal van die Bybel te verander" en om Bybelgedeeltes "sin te gee"? Is dit dan nie die Heilige Skrif wat deur die Heilige Gees ingegee is nie? Is daar geen Outeursreg op hierdie Boek nie?

Die nuwe Afrikaanse vertaling van die Bybel wat teen Kersfees beskikbaar sal wees, is volgens bewering "die beste Kersgeskenk" wat 'n mens kan gee en kry. Ons wil nou 'n steekproef doen om te sien of dit inderdaad so is; of die nuwe vertaling duideliker nog as die 1933-vertaling die koms van die Christus laat uitkom. Petrus skryf in sy eerste brief dat die Gees van Christus deur die profete van die Ou Testament vooruit getuig het van die Christus. Oók die Psalms is dit: getuienisse aangaande die Messias, die Christus, die Gesalfde. Drie voorbeelde uit dié Messiaanse profesieë wil ons hieronder vergelyk. (In 1979 is die nuwe Psalmvertaling uitgegee saam met die Nuwe Testament).

#### **EERSTE VOORBEELD: PSALM 45: 7,8**

##### 1933-Vertaling

7. "U troon, o God, is vir ewig en altyd; die septer van u koninkryk is 'n regverdigde septer.

##### 1979-Vertaling

7. "U troon, verhewe wese, staan vir altyd vas, met u koninklike septer laat u geregtigheid geskied.

##### 1933-Vertaling

8. U het geregtigheid lief en haat

godeloosheid. Daarom het, o God, u God u gesalf met vreugde-olie bo u metgeselle".

1979-Vertaling

8. U het die reg lief en u haat die onreg,  
want, verhewe wese, onder groot

vreugde het u God u bo u  
tydgenote tot koning gesalf".

Die 1933-Vertaling is 'n taamlik letterlike weergawe van die grondteks, en daaruit blyk dat die Messiaanse koning as God aangespreek word. In die brief aan die Hebreërs, hfst 1: 8, 9 word die verse aangehaal en op die Here Jesus toegepas: "U troon, o God, is tot in alle ewigheid, die septer van u koninkryk is 'n regverdige septer; U het geregtigheid liefgehad en ongeregtigheid gehaat; daarom het, o God u God U gesalf met vreugdeolie bo u metgeselle."

Waarom die 1979-Vertaling die aanspraak "God" vervang deur "verhewe wese" (en dus die Messias "ont-goddelik") is 'n raaisel. Die raaisel word nog groter as 'n mens Hebr 1: 8, 9 in dieselfde 1979-Vertaling opslaan, want dit lees: "U troon, o God, staan vir ewig vas, met u koninklike septer laat u reg geskied. U het die reg lief en U haat die onreg. Daarom het God, u God, U onder groot vreugde tot Koning gesalf bo u tydgenote".

Want hier word die woord "God" nie met "verhewe wese" weergegee nie. En die woordjie "U" word met 'n hoofletter gedruk net soos die woordjie "Koning". Verder is nie duidelik waarom Hebr 1: 9 nie vertaal word nie met: "Daarom het, o God, u God U onder groot vreugde gesalf" ens.

Die opskrifte bo Psalm 45 deur die Bybelvertalers is ook veelseggend. In 1933 skryf Totius: "Bruilofslied vir die Messias". Die 1979-Vertalers sit bo dié Psalm: "Gedig vir 'n koning".

**TWEDE VOORBEELD: PSALM 72: 7**1933-Vertaling

"In sy dae sal die regverdige bloei en volheid Mag die reg onder sy regering floreer en van vrede, totdat die maan nie meer is nie". mag daar vir altyd groot voorspoed wees".

1979-Vertaling

Volgens algemene oordeel is Ps 72 'n "Messiaanse" Psalm en word daarin aan die Messias "ewige heerskappy" toegesê. Die 1933-Vertaling is letterlik; 'n moedgewende belofte tot die laaste dag toe.

Die 1979-Vertaling is "hoopvolle wens; onbepaald: vir altyd! Die vraag kom op: Is die uitdrukking "totdat die maan nie meer is nie" in ons dae onverstaanbaar sodat dit verander moet word in: "vir altyd"?

**DERDE VOORBEELD: Ps 110: 1**1933-Vertaling

"Die HERE het tot my Here gespreek: sit aan my regterhand, totdat Ek u vyande maak 'n voetbank vir u voete".

1979-Vertaling

"Die Here het vir my heer die koning gesê: Kom sit aan my regterhand, en Ek sal jou vyande aan jou onderwerp".

In Ps 110:1 word die Messias deur Dawid self as sy Heer en Meerdere erken. Jahwe het vir Dawid sy belofte aan die Messias bekendgemaak. In die 1933-Vertaling kom dit duidelik uit. Die Here Jesus self het Ps 110 ook so opgevat vgl byvoorbeeld Mark 12: 35 - 37: "En terwyl Jesus in die tempel leer, antwoord Hy en sê: Hoe sê die skrifgeleerdes dat die Christus die seun van Dawid is? Want Dawid self het deur die Heilige Gees gesê: Die Here het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete. Dawid self noem Hom dus Here; waarvandaan is Hy dan sy seun?"

Dit lyk daarop dat die 1979-Vertalers Ps 110 beter verstaan as wat die Here Jesus dit gedoen het. Hulle vertaal "my Heer" met 'n beleefdheidsaanspraak van 'n koning deur 'n Israëliet.

Nog 'n beswaar is dat die Ou Testament teenoor die Nuwe Testament te staan kom, want Mark 12: 36 lees in die 1979-Vertaling: "Dawid self het deur die ingewing van die Gees gesê: Die Here het vir my Here gesê ...."

Gevolgtrekking: Soos dit in moderne teologie gebruiklik is om die Bybel te ontmitologiseer (dit wil sê van sy mites te ontdoen) lyk die Psalms in die 1979-Vertaling "ont-messiaans" of "ont-christelik" te word. In bogenoemde voorbeelde lees ons nie wat die Gees van Christus vooruit oor die Christus getuig nie, maar die interpretasie van die Bybelvertalers.

Hopelik word dit deur die kerke in Suid-Afrika raakgesien. As 'n parafrase of omskrywing van die Bybel kan hierdie nuwe vertaling gebruik word, maar nie die offisiële Bybelvertaling wat in die kerk gebruik word nie.

Die noodsaak van 'n nuwe Afrikaanse Bybelvertaling word in die bylae van Beeld (van 25 Augustus) met taamlik forse taalkundige uitsprake verduidelik. Omdat ek dit as Nederlander nie kan beoordeel nie laat ek 'n bekende Afrikaanse skryfster aan die woord: Mev Dot Serfontein wat in 'n brief in Beeld van 2 September soos volg reageer:

"Ek het geen beswaar dat 'n nuwe Bybelvertaling gedoen is nie, wat my grief is die "sales talk". Ek noem 'n paar van die buitensporige aansprake:

1. Eksklusiewe nuwe kennis: daar sou 'n magdom van nuwe kennis insake die grondteks gekom het waarvan ons gewone mense niks weet nie. Die Vulgaatteks waaruit Bybels in Europese tale vertaal is en wat honderde jare laas hersien is, het dit nodig gemaak dat

Bybelparafrases gedoen word.

Die 1933-vertaling in Afrikaans is egter die eerste moderne Bybel wat regstreeks uit die Griekse en Hebreeuse grondtekste vertaal is. 'n Mens hoef maar net die Verklarende Bybel te lees om te besef hoe min en onbelangrik die teks-dubbelsinnighede in hierdie Bybel was.

### VOORVEREISTE

2. Die vertalingswetenskap wat dramaties sou verander het. Dit is natuurlik onsinnig. Die vertalingswetenskap het dieselfde gebly. In die haas om werkende Bybels versprei te kry, veroorloof Bybelvertalers hulleself vryhede wat geen wetenskaplike vertaler ooit sal goedkeur nie.

Parafrases is nie vertalings nie en die voorvereiste vir vertaling is nog net soos altyd 'n diep semantiese, morfologiese en sintaktiese kennis van die grondteks én die taal waarin vertaal word.

Hierdie wanopvatting van die vertalers is een van die grondoorsake van die probleme van die nuwe vertaling.

3. Die aanspraak as sou die 1933-Bybel destyds baie misnoeë gewek het omdat dit in die "praat-Afrikaans" van daardie tyd geskryf is, wat dan die huidige vertalers die volle reg gee om met die bont "praat-Afrikaans" van vandag rond te speel.

### VASGELÊ

Dit mag waar gewees het van die negentiende eeuse pogings, maar daar was geen grootskeepse protes teen die 1933-Bybel nie, gewoonweg omdat dit so deeglik gedoen is.

Afrikaans is nog nooit tevore en nooit daarna weer so fyn gepoleerd, so modern-saaklik en funksioneel en so vry van vreemde invloede geskryf nie. Dit het die Afrikaanse stekunde vir altyd vasgelê, die idioom (negentig persent van ons idiome is Bybels) gestandaardiseer. Ons poësie put steeds uit hierdie bron van Hebreeuse parallel-poësie omdat die vertalers dit gerespekteer het.

Hierdie Bybel het stilisties hoegenaamd nie verouder nie. Dit is trouens een van die magtigste behoudwapens van 'n stormgeteisterde taal, huidig.

4. Ag maar dit gaan nie om Afrikaans nie, dit gaan om die verkondiging en verspreiding van die Evangelie, word dadelik gesê. Kom ons kyk 'n bietjie na die nuwe vertaling van die eeue-oue troospsalm van Dawid, Psalm 23, waarin die kardinale simbole van die Christelike geloof met verblindend heldere enkele verse in digvorm weergegee word."

### PSALM 23



1933-Vertaling

'n Psalm van Dawid

1. Die HERE is my herder; niks sal my ontbreek nie.
2. Hy laat my neerlê in groen weiveld; na waters waar rus is, lei Hy my heen.
3. Hy verkwik my siel; Hy lei my in die spore van geregtigheid, om sy Naam ontwil.
4. Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my: u stok en u staf dié vertroos my.

5. U berei die tafel voor my aangesig teenoor my teëstanders.  
U maak my hoof vet met olie,  
my beker loop oor
6. Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe en ek sal in die huis van die HERE bly in lengte van dae.

1979-Vertaling

'n Psalm van Dawid

1. Die Here is my herder, ek kom niks kort nie.
2. Hy laat my in groen weivelde rus. Hy bring my by waters waar daar vrede is.
3. Hy gee my nuwe krag. Hy lei my op die regte paaie tot eer van sy Naam.
4. Sels al gaan ek deur donker dieptes. sal ek nie bang wees nie, want U is by my.  
In u hande is ek veilig.

5. U laat my by 'n feesmaal aansit, terwyl my teëstanders moet toekyk. U ontvang my soos 'n eregas, ek word oorlaai met hartlikheid.
6. U goedheid en liefde sal my lewe lank by my bly en ek sal tuis wees in die huis van die Here tot in lengte van dae.

Die bekende skryfster, **Mev Dot Serfontein**, skryf in haar brief van 2 September 1983 (in Beeld) **oor hierdie lieflike Psalm**:

## "VERLOOR

Die eerste vier verse word chronologies gekoppel aan die herdersamp van Christus op aarde. Die nuwe vertaling haal die stok en staf uit, dié verse word losgemaak van die herdersimbool ondanks die feit dat die Christus-figuur onlosmaakbaar deel is van die offerram, die goeie herder, die lam van Openbaringe. Die agtereenvolgende handeling in die psalm het nou hul sin verloor en ons kon net sowel die tweede en vierde vers omgeruil het.

Die plastiese dal van doodskaduwee - Tal des Finsternis, dal der schaduwe des doods - van die Vulgaat word nou waarskynlik weens "nuwe" teksinterpretasie uitgehaal en ons word gelaat met vae donker dieptes wat met die Pelgrimsweg niks te make het nie.

In vers vyf land die persoon anderkant die dood en die drie tekens van die versoeningsdood van Christus, naamlik die bereiding van die tafel, die salwing en die stort in die beker, word koelweg deur die vertalers afgemaak as outydse tafelgewoontes en heel modern sit ek aan by 'n feesmaal waar ek met boere hartlikheid, goedheid en liefde oorlaai

word. Ek bly natuurlik nie meer in die huis van die Here nie, ek is "tuis" daar.

#### FUNKSIE

Terwyl by Psalm 23. Soos so baie keer in die nuwe vertaling staan 'n mens verstom oor die ongevoeligheid van die vertalers vir die koloriet van Afrikaanse woorde. Kort kom en ontbreek mag langs mekaar in die woordeboek staan, maar elke Afrikaanssprekende ken die verskil. Die algemene nie bang wees is mos nie eens familie van geen onheil vrees nie. Regte paaie is nie dieselfde as spore van geregtigheid nie en dis 'n analogiese monstrositeit in die betekenisleer.

In vers 4 dra al reeds die sinsemantiek. Selfs is vooraan gelas, swaai die konstruksie om van die progressief positief na potensialis. Hoekom? Ons gáán mos die doodsvallei betree.....

'n Reuse-taak was die vertaling seker, waaroor 'n mens dankbaar is. 'n Mens hou van die verklarings, tekeninge en kaarte agterin. 'n Parafrese Bybel het ons sekerlik nodig in Afrikaans. Maar ek dink 'n mens moet die buitensporige aansprake links laat."

#### GEWYSIGDE BEELDSPRAAK

Die oorspronklike beeldspraak wat die Heilige Gees gebruik, is in die nuwe vertaling wegvertaal.

Dawid beskou homself 'n skaap; hy hou saam met die ander skape die stok en staf van die Herder dop; dis sy houvas in alle omstandighede (1933-vertaling, vs 4).

In die nuwe vertaling kry 'n mens 'n heel ander beeld, nl dat Dawid in die hande van die herder lê en veilig is.

Waarom die verandering van die oorspronklike teks? Is die Woord van die Gees van God hier nie helder genoeg nie?

#### Die Godsnaam: Jahwe

In Psalm 23 sê Dawid (1933-vertaling): "Die HERE is my herder...(vs 1) .....ek sal in die huis van die HERE bly... (vs 6)." Die 1979-vertaling lees: "Die Here is my herder..... ek sal tuis wees in die huis van die Here...."

Dit gaan nou oor die naam HERE of Here as weergawe van die naam van God in Hebreeus JHWH! In 1933 is dit weergegee met HERE, in 1979 lui die weergawe Here. Onlangs het Prof Drs J P Lettinga, buitengewoon hoogleraar in die semitiese tale en kultuurgeskiedenis van die Ou Nabye Ooste, aan die Theologiese Hogeschool te Kampen hieroor 'n aantal opmerkings gemaak. In Nederland het hierdie jaar nl ook 'n nuwe Bybelvertaling verskyn, die sgn Groot Nieuws Bijbel. In dié vertaling word die naam Jahwe ook met Here weergegee.

Prof Lettinga skryf onder andere soos volg (De Reformatie, 8 Okt 1983, ons vertaal

gemakshalwe):

"Op grond van taalkundige oorwegings en van die wyse waarop die kerkvaders die naam JHWH in Griekse lettertekens weergegee het, kan met waarskynlikheid (wat aan sekerheid grens) aangeneem word dat hierdie vier letters as Jahwe uitgespreek is (Die naam Jahwe beteken "Hy is", "Hy is daar", "Hy is daarby", sien Exodus 3: 14). Dat absolute sekerheid (insake die presiese uitspraak, K J K) ontbreek moet gewyt word aan die feit dat die Joodse rabbyne reeds enkele eeue vóór Chr uit sogenaamde eerbied vir die Verhewe Naam elk gebruik daarvan verbied het. By die lees van die Hebreeuse Bybel het hulle die Godsnaam (JHWH) by voorkeur deur "Adonay" = "Heer" vertaal.

Ook die Septuaginta, die vóór-christelike Griekse vertaling van die Ou Testament, gee JHWH weer met die woord "Heer" (kurios).

Omdat die Jode later die klinkers van Adonay by die medeklinkers JHWH gesit het, het die Christene baie lank gedink dat dié klinkers by dié Godsnaam behoort. Dit het tot die versonne en dus verkeerde uitspraak Jehova gelei.

Dit is daarom nie so snaaks nie dat by die tref van voorbereidings vir die sgn Statenvertaling op die Sinode van Dordrecht 1619 gediskusseer is oor die vraag of die tetragrammaton (=die woord van 4 letters) met Jehova of met HEERE weergegee sou moet word. (Dat hierdie naam prakties seker Jahwe geklink het, was in die tyd nog nie bekend nie).

Agteraf beskou is dit maar goed dat nie vir die kunsmatige vorm Jehova gekies is nie, maar vir HEERE, wat met hoofletters geskryf word. Hierdie weergawe (eventueel in die aangepaste spelling HERE) is vanaf dié tyd prakties soos 'n eienaam ervaar, in teëstelling met die woord "heer", wel of nie met 'n hoofletter h geskryf.

In die lig van die bostaande moet betreur word dat die GNB (Groot Nieuws Bijbel) die tetragrammaton met "Heer" weergee. Daarin kan by lees of luister geen "eienaam" herken meer word nie. Dit is by HERE wel die geval of tenminste dit kan so wees.

Eintlik sou ons nie aan Joodse "bygeloof" moet toegee nie en die naam Jahwe onvertaald laat..... Met daardie naam wou God tog aangeroep word (Exodus 3: 15)

Dan kom 'n mens ook nie langer in die moeilikheid as die naam Jahwe deur Adonay voorafgegaan word nie, soos bv in Amos 3 tot viermaal gebeur..."

Tot sover Prof Lettinga wie se woorde ook (helaas) op die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling toepasbaar is. Hoewel ons nog nie oor die volledige teks van die Ou Testament beskik nie kan nou reeds gesê word dat hierdie vertaling nie vir officieel-kerklike gebruik gepas is, hoe "knap" en modern die weergawe van die oorspronklike teks ook mag wees!

Dit is daarom dat ek met verbasing 'n verklaring deur die Breë Moderatuur van die NG Kerk gelees het (Die Transvaler 7 November 1983):

"Die Breë Moderatuur het met groot dank en vreugde kennis geneem van die verskyning van die volledige Afrikaanse Bybelvertaling vroeg in Desember vanjaar. 'n Woord van opregte dank en waardering is aan al die vertalers en die Bybelgenootskap vir die besondere prestasie gerig.

Die Breë Moderatuur het besluit om die nuwe vertaling van die Bybel vanaf verskyning vir amptelike gebruik in die NG Kerk goed te keur. Die feestelike ingebruikneming deur die NG Kerk sal op 5 Februarie 1984 in die onderskeie gemeentes van die Kerk geskied."

Gevra kan word:

1. Het die Breë Moderatuur so 'n vergaande bevoegdheid dat hy 'n Bybelvertaling vir amptelike gebruik in die NG Kerk kan goedkeur?
2. Het en kan die Breë Moderatuur reeds vóór die verskyning van die Vertaling beoordeel of dié vertaling regtig 'n verantwoorde en bruikbare weergawe van Gods geïnspireerde Woord is?

## BYLAAG D: ENKELE BESWARE TEEN DIE NUWE AFRIKAANSE BYBEL-VERTALING

1. Eerstens is daar die kwessie van die handskrifte. Telkens hoor ons deesdae praat oor die "beste" handskrifte. Maar wat is die beste? Dit is nog nie so maklik om uit te maak nie. Dit blyk dat die vertalingskommissie, wat die Nuwe Testament betref, vrywel kritiekloos die teks van die United Bible Society gebruik het. Die Aland-teks dus, wat deesdae met dié van Nestlé saamgevoeg is. Hierdie teks is vasgestel deur 'n kommissie van vyf persone wat besluite neem met meerderheid van stemme. As drie vir en twee teen is, word 'n bepaalde handskrif aanvaar. Vir 'n werelddsaak is dit wel 'n bietjie 'n smal basis. Daar kom dan ook die laaste tyd nogal besware teen hierdie handelswyse.

Prof J van Bruggen het in 'n rektorale rede hierdie teks sterk gekritiseer. Hy betoog dat die Bybel altyd vertaal is volgens die Textus Receptus en ons het gesê: ons erken hierin die leiding van die Heilige Gees. Het dit nou verander?

As 'n sekere handskrif in aanmerking wil kom, moet dit as ek reg onthou van voor die jaar 300 wees. Hierin steek 'n mate van willekeur. Daar is ander dinge wat ook tel. Die kommissie het hier dan ook nie konsekwent opgetree nie. In 2 Kor 1: 12 moet bv volgens die oudste handskrifte gelees word: heiligheid en suiwerheid van God, maar omdat dit die kommissie nie goed gelyk het nie, is hier tog jongere lesings geneem. Die vraag wat die beste handskrifte is word dan wel heel moeilik.

'n Belangrike argument is ook dat die kommissie veral steun op die Codex Sinaiticus. Nou was die suide van Egipte in die ou tyd 'n oord van ketterye. Prof Van Bruggen beweer dan ook dat in die Codex Sinaiticus merkbare invloed is van die ketter Marcion. Die Ou Testament word weggewerk. So is bv die doksologie by die Onse Vader weggelaat omdat

- a) gestreef is na gelykheid met die teks by Lukas: en
- b) die verband met die Ou Testament nie meer gesien moet word.

Hierdie saak is vir nie-deskundiges uiteraard baie moeilik om te beoordeel. Ek sou hier dan ook nie verder wil gaan as om te waarsku teen te groot woorde ("beste handskrifte") en verder aan kenners aan te beveel om ook krities te kyk na die teks van die United Bible Society.

2. Vervolgens: Die taalgebruik van die nuwe vertaling is afgestem op kinders van st  
 3. Dit gee oor die geheel inderdaad 'n bietjie kinderlike indruk en daar is onnodige platheid. Vgl bv Luk 15, die gelykenis van die verlore seun. Dit hang waarskynlik ook saam met die volgende:

Daar word gewoonlik gesê: die Nuwe Testament is geskryf in die koiné, die taal van die gewone man. Nou is inderdaad die koiné die spreektaal van daardie tyd. Maar dit is ook gebruik in amptelike stukke: koopaktes ens. Die literêre taal het teruggegaan op die klassieke. Maar hulle was toe reeds so 'n vierhonderd jaar dood. Daardie taal was dus eintlik onwerklik.

Bowendien: die Nuwe Testamentiese Grieks toon baie afwykings van die koiné. Dit sluit naamlik baie sterk aan by die Grieks van die Septuaginta en is deurspek met Hebraïsmes. As 'n Hebraïsme die bedoeling beter weergee, het die skrywers nie gekroom om dit te gebruik nie. Bv 2 Kor 1: 3: *die Vader van ontferminge en die God van alle vertroosting*. God ontferm en troos nie alleen nie, maar Hy is ook die oorsprong en bron van ontferming en vertroosting. Dit is 'n volkome omvattende uitdrukkingswyse. En verlies hiervan beteken ook 'n verduistering van ons uitsig op die grootheid en majesteit van God. En ook die eerste lesers moes hulle gedeeltelik (die nie-Jode) inwerk in hierdie manier van skryf. Toe kon dit blykbaar nog.

3. Deurdat totaal afgewyk is van die ou vertaling is daar 'n gebrek aan kontinuïteit. In die woordkeuse van die nuwe vertaling is daar geen enkele herinnering meer aan die ou een nie. Dit is ongewens. Mense leer tekste en Skrifgedeeltes uit hulle koppe uit. Word daar iets gesiteer, weet jy omtrent waar om te soek. Nou het dit verlore gegaan. In die 1933-vertaling was daar bewuste aansluiting by die Statenvertaling. In die nuwe Nederlandse vertaling, die vertaling van die Ned Bijbelgenootschap eweneens. Tereg. Mense kom dan nie in 'n geestelike niemandsland nie. En dit dreig hier.

4. Verweg die grootste beswaar is egter die metode wat tans gebruik is.

Hierdie beswaar val weer in twee dele uiteen.

4.1 Die filosofie wat agter hierdie vertaalwyse steek. Die groot man is hier Eugene Nida, 'n Amerikaanse sendeling en taalkundige. Die teorie waarvan hier uitgegaan word is eintlik 'n inwendig-uitwendig skema

in die taalkunde. Hulle praat hier van diepte- en oppervlakte-struktuur. Die eintlike bedoeling van 'n bepaalde skrywer is dan die dieptestruktuur en die taalkundige kleeed, die oppervlaktestruktuur. 'n Sekere gedagte is dan eers verpak in bv Hebreus of Grieks. Daardie verpakking word nou afgehaal en 'n nuwe kleeed word aangemeet. Die nuwe kleeed sou dan baie belangriker wees as die ou een.

Daarom word daar ook baie meer gepraat oor die goeie Afrikaans van die Bybel-vertaling as oor iets anders. En die ATKV staan klaar met 'n onderskeiding. Nasionalisme, wat al so baie kwaad gestig het in Suid Afrika, mag hier ook 'n rol speel.

Die groot vraag is egter of mens so 'n onderskeiding van diepte- en oppervlaktestruktuur mag aanbring. Die antwoord sal moet lui: Nee. Die bedoeling en die manier waarop dit gebring word, ook die taalkleeed, is onafskeidelik met mekaar verbind. Ook hierin bely ons die inspirasie van die Heilige Skrif. Ek wil hier baie nadruklik waarsku dat ons verset teen die huidige Skrifkritiek fundamenteel ondergrawe word deur hierdie filosofie. In die algemeen is die onderskeiding, wat maklik 'n skeiding word, tussen inwendig en uitwendig geheel verwerplik. En ook hier sal ons 'n onverbiddelike: "Nee" moet laat hoor.

Eintlik is hiermee die hele vertaling reeds verwerp. Maar ons wil nog verder gaan.

4.2 Sê nou maar ons stap oor die besware teen die agterliggende wysbegeerte heen. Dan kom ons by die volgende. As daar verskil is tussen diepte- en oppervlaktestruktuur sal ons by vertaling (of aantrekking van 'n ander taalkleeed) eers moet vasstel waar die een ophou en die ander begin. 'n Uitdrukking as "dinamies-ekwivalente" vertaling klink nou wel baie indrukwekkend, maar dit is duidelik dat 'n mens dan eers sal moet vasstel wat die eintlike bedoeling is van 'n bepaalde stuk. Eksegese sal dan in die plek van vertaling kom. En is dit die taak van 'n vertalingskommissie? Bowendien hang 'n sekere vertalingsmetode ook nog saam met die soort literatuur wat vertaal moet word. 'n Roman sal 'n ander werkwyse verg as 'n wetenskaplike boek. Daar kom dit nog baie meer aan op die spesifieke woorde wat gebruik word. Partykeer staan of val 'n boek daarmee.

Wat is die Bybel vir 'n boek? Dit is die Woord van God, van die Verbondsgod. Dit gaan hier om die werke van God aan en vir Sy volk, Sy Kerk. Daarom het dit ook maar nie kant en klaar uit die hemel geval nie, maar het dit ontstaan binne die Verbondsgeskiedenis. Op die eenheid van die Bybel moet ons volle klem lê.

Ek het reeds betoog dat die Nuwe Testamentiese skrywers hulle bewustelik, ook in die taalgebruik, aangesluit het by die Ou Testament. So kry mens ook in die Bybel sleutelbegrippe: Verbond, Koninkryk, geregtigheid, barmhartigheid, goedertierenheid, kerk, ewigheid (of: die lewe van die (messiaanse) eeu). Omdat dit die Woord van God is waarmee HY Hom aan die mens openbaar, is ook die verhouding van God tot die mens, tot Sy volk, hier van grondliggende betekenis. Dit wil sê die Skrif is eintlik 'n Verbondsboek. Dit is die beheersende.

Hierdie verbond was reeds in die paradys daar. As God die mens skep na Sy beeld en gelykenis, stel Hy hom as Sy goewerneur op aarde. Dit is reeds die Verbond. In 'n vasalverbond het jy daardie mense gekry: goewerneys wat die opdragte van die groot-koning moes uitvoer. Die nuwe vertaling gee dit só weer: "Kom Ons maak die mens Ons verteenwoordiger" Dit is wel waar, maar eintlik is dit reeds 'n verklarende omskrywing, 'n parafrase.

Verteenwoordiger kan trouens nog meer betekenis hê. As dan in Gen 17 die Verbondsvernuwing plaasvind, sê die HERE: "Ek sal My Verbond oprig" (Gen 17:7). Hierdie Verbond sal bly tot in die messiaanse eeu. Maar die nuwe vertaling sê: "Ek bring 'n verbond tot stand". Hier is die lyn met Gen 1 verbreek. 'n Algemene term het in die plek gekom van die bekende: My Verbond. Dit was vir Abraham nie algemeen en nie onbekend nie.

Niemand moet dink dat dit hier maar so 'n ondergeskikte puntjie betref nie. Dit is van die hoogste belang. Die eenheid van die Skrifte staan hier op die spel!

In hierdie Verbond is die HERE die Eerste. Hy is ook die Getroue. Goedertierenheid kan ons omskryf met Verbondstrou en geregtigheid met Verbondshandhawing.

(Tussen hakies: daar is 'n pragtige preek van prof Holwerda oor Sondag 4 H K. Hierin word die begrip geregtigheid op aangrypende wyse uitgewerk.) Daar is natuurlik verskillende nuanses by hierdie begrippe. So kan ons praat oor strawwende en seënende geregtigheid.



Maar in altwee word die Verbond gehandhaaf en is dit die verbindende skakel. As daar dan ook gepraat word oor die mens wat regverdig is, beteken dit dat hy deel mag kry aan Gods geregtigheid. Die regverdige is nie die man wat uit homself so stiptelik lewe nie, maar hy wie se hart uitgaan na die HERE en die vrees van die HERE (pragtige woord wat gehandhaaf moet word) is vir hom die begin van die kennis waarin hy kan wandel.

Kyk ons nou na 'n paar Skrifplekke, dan val op dat in die nuwe vertaling hierdie betekenis wegval. Gen. 15: 6 (ou vertaling): "En hy (Abram) het in die HERE geglo; en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken". Hier kom dit baie duidelik uit: deur die geloof kry Abram deel aan Gods geregtigheid. Die nuwe vertaling lui egter: "Abram het toe in die Here (klein letters, die Verbondsnaam Jahwe word nie meer onderskei nie) geglo, en die Here het dit goed gevind dat Abram so volgens die wil van die Here gehandel het". Hier blyk wel baie duidelik dat 'n geheel ander Skrifbeskouing, 'n geheel ander "teologie" sy opwagting by ons maak.

Ook op ander plekke is die woord geregtigheid weggewerk en vervang deur "die wil van die Here" (Deut 6: 25 bv) of deur "die Here sal jou optrede goedkeur" (Deut 24: 13). In Deut 9: 4 word dit "vertaal" met: volmaak. Elke keer weer 'n ander woord. Die verband van die Bybel as 'n Verbonds-boek is daarmee heen. Dit maak die optrede van die mens tot 'n afsonderlike daad en laat nie die verband sien met die werk en die Verbond van God nie. En dit werk weer 'n humaniserende tendens in die hand, soos in Ex 20 waaruit die "jaloerse God" verdwyn het. Die toorn en die straf van die HERE pas nie in die modeteorieë van ons tyd nie.

In die Nuwe Testament word geregtigheid of geregverdig soms weergegee met: in diens van God (Rom 6: 17) en soms met: vryspraak (Rom 5: 1). Ook hier kry mens weer twee geheel verskillende begrippe en niemand sal meer die verband raaksien nie.

In die moderne teologie speel die woord geregtigheid 'n groot rol. Dit is veral ook in Suid-Afrika baie belangrik om presies te weet: wat staan daar en wat beteken dit. Of sou die moeilike situasie in ons land, waar so groot gevaar bestaan om in die nette van 'n "bevrydingsteologie" te geraak, juis hieraan te danke wees dat daar nooit goed na hierdie sake gekyk is nie? Die woord "goedertierenheid" is oor die algeheel wel beter behandel as die woord geregtigheid. Oor die algeheel word dit óf met "liefde" óf met "trou" weergegee. In die verlede het hierdie begrippe nou met mekaar saamgehang. Tog sou dit beter wees om gewoon met goedertierenheid te bly vertaal. Die verband met die Verbond is dan ook duideliker. Gewoonlik word in die Bybel oor God gepraat as dit handel oor goedertierenheid. In Jes 40: 6 staan in die Staten-vertaling hierdie woord in verband met die mens. Die 1933-vertaling het hier al "aanvalligheid" van gemaak en nou het dit geword: "alles waarop hulle staatmaak". Hier kry mens dus weer die eienaardige skeiding; uit dié hoofstuk blyk duidelik dat dit hier gaan om die trou van God teenoor die afval en ontrou van die mens. Hoekom moet dit weggewerk word?

Die tyd ontbreek om verder op details in te gaan. So bv waar in Exodus in verband met farao nie meer gepraat word oor verharding van die hart nie, maar oor koppigheid of onversetlikheid. Die eerste is egter 'n (on)geloofsbeslissing, die laaste 'n (partykeer) slegte karaktereenskap. Ons stap verder op die pad van humanisering.

## **BYLAAG E: DIE NUWE AFRIKAANSE BYBEL: VERTALING OF PARAFRASE?**

Vyftig jaar nadat die eerste Afrikaanse Bybel die lig gesien het en 'n aantal jare nadat verskeie gedeeltelike proefvertalings die lig gesien het, is die nuwe Afrikaanse vertaling van die Bybel gepubliseer.

Hoewel kopieë nog nie vrylik beskikbaar is nie, het die NG kerk se Breë Moderatuur wat blykbaar sentrale gesag oor al die NG Kerke het, reeds aangekondig dat die nuwe vertaling vanaf Junie in al die gemeentes gebruik sal word. In die Gereformeerde Kerke werk sake gelukkig nie so hiërargies nie. Elke kerkraad sal moet besluit wat om met die nuwe vertaling te doen tot tyd en wyl meerdere vergaderinge soos klassisse en sinodes hulle daarvoor uitgespreek het.

En voordat so 'n besluit geneem is, iets wat in elk geval nog minstens 'n jaar sal neem, sal dit nuttig wees om die nuwe vertaling deeglik met die ou een en, indien moontlik, met die grondtekste, te vergelyk. In die Kerkblad het al verskeie artikels (deur prof J L Helberg) verskyn wat die agtergrond van die nuwe vertaling geskets het. In sy artikel van 11 Januarie het hy verskeie woorde wat in die nuwe vertaling anders vertaal is, beskryf. So het vader en moeder meestal pa en ma geword, esels het donkies geword, die woord geregtigheid is met 'n verskeidenheid woorde vertaal, ens. In baie gevalle kan 'n mens nie beswaar daarteen hê nie. Daarby is dit met die eerste oogopslag duidelik dat die nuwe vertaling baie makliker lees as die ou een. Lang sinne is opgedeel om kortes te vorm, die styl lees makliker. Waarskynlik is heelwat tekste wat in die verlede moeilik verstaanbaar was, nou wel verstaanbaar - omdat meer as net vertaal is: daar is ook verklaar, herskryf. Daar is gepoog om vas te stel wat die oorspronklike skrywers bedoel het, en hoe dieselfde bedoeling in moderne Afrikaans weergegee kan word.

Dit beteken dat bybelvertalers ook bybelverklaarders geword het. By die meeste vertalings word dit in mindere of meerdere mate gedoen, want soms kan dit nodig wees. Ongelukkig beteken dit dat waar vertaal word, die vertaler volgens sy eie teologiese insigte te werk (moet) gaan en dit kan gereformeerde, metodisties, rooms, baptisties of wat ookal wees.

Dat die verklarings in die nuwe vertaling sekerlik nie almal 'n gereformeerde karakter het nie, blyk duidelik aan die hand van 'n paar voorbeelde.

Die christelike mode van hierdie tyd is om God te beskryf as 'n God van liefde, vergewing en vrede, ongeag wat die mens daarteenoor stel. Aspekte soos opdrag, straf, trou, vrees en toorn word op die agtergrond gestel en in die moderne teologie word hierdie soort begrippe met 'n heel eie, menslike en vir die mens aanvaarbaarder inhoud gevul. Hierdie mode wat God 'n menslike produk maak, wat God definieer soos dit die mens pas, is ook merkbaar in die nuwe Afrikaanse vertaling. 'n Paar voorbeelde sal dit duidelik maak.

Waarskynlik die bekendste voorbeeld is dat God in die Tien Gebooie nie meer 'n jaloerse God is nie. Hy eis nou onverdeelde trou. Ds J J Arnold, emeritus-predikant van die Vrygemaakt-Gereformeerde Kerke in Nederland wat verlede jaar vir sowat ses maande in Kaapstad was, skryf uitvoerig daaroor in De Reformatie van 31 Desember j 1. Wat is verkeerd met jaloers (ijverig, volgens die Staten-vertaling)? Ds Arnold wys daarop dat 'n jaloerse God ons laat skrik; dis gekoppel aan wraak. Hy eis nie net onverdeelde trou nie en dit is ook nie so dat dit by Hom 'n kwessie is van geen ander langs Hom duld nie. Maar dit gaan daarom dat Hy ontrou nie ongestraf laat bly nie en dat Hy die dien van afgode wreek. Sy toorn ontbrand, Hy tree aktief op, Hy eis nie net onverdeelde trou nie. Hy verdelg en Hy laat ontrou, eiewillige erediens, afgodery, veragting van sy gebooie, vervolging van sy kerk en verdrukking van diegene wat Hy liefhet, nie ongewreek nie. Hy kán dit nie doen nie, want Hy is jaloers, naywerig vir sy eer, vir sy volk, teen sy vyande. Die Bybel praat dan ook van die Here van die leërskaare (bv 1 Kron 11:9) : Hy laat sy leërs uitgaan en Hy stuur sy engele om wraak te neem, om te straf en ook om te bevry. Hy straf volke wat sy volk te na kom.

Tot sover ds Arnold. Hy wys ook op verskeie ander onaanvaarbare hervertalings in die betrokke gedeelte van die Tien Gebooie. HERE word vermenslik deur dit Here te maak; die misdaad van die vaders word nie meer aan die kinders besoek nie, maar kinders word die sondes van hul vaders toegereken; en God betoon nie meer barmhartigheid nie, maar wel liefde, iets geheel en al anders.

Die argument wat aangevoer word waarom die woord 'jaloers' moes verdwyn, is dat die 1933-vertaling gebaseer is op die Nederlandse Statenbijbel wat

die woord 'ijverig' gebruik. Volgens dr W Kempen van Stellenbosch, taaladviseur van die vertalers van die nuwe Afrikaanse vertaling, stel die grondteks nie dat God jaloers is nie, maar eerder trou aan Hom alleen eis (Beeld, 30 November 1983). Dit is vreemd dat die vertalings wat bekend is vir hulle letterlikheid soos die Statenvertaling en ook die King James-vertaling wel van jaloers praat.

In elk geval, die jaloerse God het in Ex 20:5, Deut 4:24, 6:15 en Josua 24:19 'n God wat onverdeelde trou eis, geword. Nahum 1:2 (ou vertaling) lees as volg: " 'n Jaloerse God en 'n wreker is die Here, 'n wreker is die Here, en vol grimmigheid, 'n wreker is die Here vir die teëstanders, en Hy behou die toorn teen sy vyande". In die nuwe vertaling lees dit: "Die Here is 'n God wat baie begaan is oor sy volk, 'n God wat Hom wreek. Die Here wreek Hom in sy gloeiende toorn, die Here wreek Hom op sy teëstanders, sy toorn ontvlam teen sy vyande". Hier is die 'jaloers' weggeneem, maar dit kom my voor of die res van die vers redelik korrek lyk. 'Jaloers' is hier vertaal met 'wat baie begaan is oor sy volk'.

Die woord 'vrees' is ook op talle plekke verander in 'dien'. Dus ook hier dieselfde humanitêre inslag. Kyk maar na die volgende versgedeeltes:

<u>Teks</u>	<u>1933 vertaling</u>	as sy die Here <u>dien</u>
Spr 31:30	'n vrou wat die Here <u>vrees</u>	
		Kennis begin met die <u>dien</u>
Spr 1:7	Die <u>vrees</u> van die Here is die beginsel van die kennis	van die Here
		Wysheid begin met die <u>dien</u>
Ps 111: 10	Die <u>vrees</u> van die Here is die beginsel van die wysheid	van die Here
Ps 2: 11	Dien die Here met <u>vrees</u> , en juig met bewing	Julle moet die Here met <u>ontsag</u> dien, Hom met vrees en bewing toejuig

	<u>1983 vertaling</u>	
Job 4:6	Is jou Gods <u>vrees</u> nie jou hoop dat jy God <u>gedien</u> het nie	
	Betekens dit dan vir jou niks	
Job 15:4	Ja, jy breek die Gods <u>vrees</u> af <u>eerbied</u> vir God nutteloos	
	Maar jy maak selfs die	
Job 28:28	Kyk, die <u>vrees</u> van die Here is wysheid	Om die Here te <u>dien</u> , is wysheid

Luk 8:37  
omdat hulle deur 'n groot vrees bevang was  
omdat hulle baie bang was

2 Kor 7: 1  
en laat ons die heiligmaking in God volkome aan Hom toewy  
die vrees van die Here volbring  
en ons in gehoorsaamheid aan

1 Pet 3: 2

·  
·  
godvresende wandel  
aanskou\_het

nie; die betrokke deel lees egter:) Die\_mans sien hoe godvresend julle is

(Waarskynlik agv van 'n set-fout word vs 2 nie aangedui

Die volgende voorbeelde toon aan hoe woorde soos 'wraak', 'wreek', 'hoer' en 'geregtigheid' 'n bietjie weggewerk of versag is en ek kan net tot die gevolgtrekking kom dat die vertalers gepoog het om die feit dat God 'n god van wraak, straf en geregtigheid is, so 'n bietjie minder sterk en meer aanvaarbaar vir die menslike oor te stel sodat die 'God is liefde'-teologie ( oftewel die eensydige beklemtoning daarvan) sterker op die voorgrond kan kom:

<u>Teks</u>	<u>1933 vertaling</u>	<u>1983 vertaling</u>
Lev 26:25	En Ek sal 'n <u>swaard</u> oor julle bring wat die <u>wraak</u> van die verbond sal uitoefen	bring. Dit sal die <u>wraak</u> wees oor julle <u>ontrou</u> aan my verbond
Num 31:3	Ek sal 'n <u>oorlog</u> oor julle om die wraakgerig van die Here aan Midian te voltrek	Laat hulle teen die Midianiete optrek om hulle <u>te straf</u> in die Naam van die Here
Deut 32:35	My kom die <u>wraak</u> toe en die vergelding	Ek <u>straf</u> en Ek vergeld
Luk 21:22	Want dit sal dae van <u>wraak</u> wees	want in daardie dae voltrek God sy <u>straf</u>
Rom 12: 19	Moenie julle <u>wreek</u> nie Aan my kom die <u>wraak</u> toe. Ek sal <u>vergeld</u> , spreek die Here	Moenie self wraak neem nie maar laat dit oor aan die oordeel van God
Ps 109:5	En hulle het my kwaad vir goed opgelê en <u>haat</u> vir my liefde	So vergeld hulle my met kwaad vir goed en <u>haat</u> vir liefde
Hos 9: 7	<u>ongeregtigheid</u> , en om-dat die teen hom vyandskap groot is omdat jou <u>sonde</u> so groot is en omdat jy so vyandig is (Statenvertaling lees hier: om de grootheid uwer ongeregtigheid is de haat ook groot)	
Openb 2:6	Maar dit het jy, dat jy die werke van die Nikolaiëte haat, wat Ek ook <u>haat</u>	Maar dit het hulle darem in julle guns: julle <u>verafsku</u> wat die Nikolaiëte doen, net soos Ek dit ook <u>verafsku</u>
Openb 2:15		

So het jy ook mense wat vashou aan die leer van die Openb 17:16	Nikolaïete, wat Ek <u>haat</u> So is daar onder julle dan ook hulle sal die <u>hoer</u> haat	mense wat die leer van die Nikolaïete aanhang en dieselfde sondes doen hulle sal die <u>sedelose vrou</u> haat
---	---	--

(in Gen 34:31 bly 'hoer' in die nuwe vertaling ook 'hoer' maar in Gen 38:15 word 'hoer' 'prostituut' en in Gen 38:21 en 22 word dit 'tempelprostituut')

Mat 21:31 en 32	tollenaars en <u>hoere</u>	tollenaars en <u>prostitute</u>
-----------------	----------------------------	---------------------------------

(waarom vir 'hoer' 'n 'moderner woord' gebruik, maar nie vir 'tollenaar' nie?)

('Hoere' word in Luk 15:30 'prostitute', in 1 Kor 6:15 en 16 'ontugtige vrou', en 'gehoereer' en 'hoererye' word in Es 16:15, 16, 17, 26, 28 en 34 'slet', 'afgodery', 'gehoereer' en 'hoerery')

Voorbeelde ten opsigte van die woord 'geregtigheid':

Deut 33:21	hy het die <u>geregtigheid</u> van die Here uitgevoer	Sal God u reg verdraai, sal die Almagtige <u>verdraai wat reg</u> is?
Job 8:3	Sou God die reg verdraai, of die Almagtige die <u>geregtigheid</u> krenk?	Hy laat reg en <u>geregtigheid</u> <u>geskied</u>
Job 37: 23	en die volheid van <u>geregtigheid</u> krenk Hy nie	leer my tog wat <u>reg</u> is
Ps 5: 9	Here, lei my in u <u>geregtigheid</u> die wil van die Here gedoen	Bevry my, want U is <u>getrou</u>
Ps 31: 2	Bevry my deur u <u>geregtigheid</u>	
Mat 3: 15	want so pas dit ons om alle <u>geregtigheid</u> te vervul	want op hierdie manier moet ons aan <u>die wil van God</u> voldoen
Luk 1: 75	In <u>heiligheid</u> en <u>geregtigheid</u> voor Hom	<u>in vroomheid</u> en <u>opregtheid</u>
Hand 10: 35	wat hom vrees en <u>geregtigheid</u> doen	wat Hom vrees en doen wat <u>reg</u> is
Ps 23:3	spore van geregtigheid	regte paaië

'n Paar ander voorbeelde wat dui op die afswakking van die krag van God se Woord:

Ps 23: 4	dal van doodskaduwee ek sal geen <u>onheil vrees nie</u> u stok en u staf	my donker dieptes sal ek nie <u>bang wees nie</u> u hande
Ps 23: 5	U maak my hoof vet met olie; my beker loop oor	<u>U ontvang my soos 'n eregas,</u> ek word oorlaai met hartlikheid

.Die verbond van God met die mens is belofte, bevel en bedreiging. 'n Mens kry uit die nuwe vertaling die indruk dat die verbond in die rigting van belofte, versoek en die moontlikheid van straf beweeg. Dit is duidelik dat by hierdie vertaling suiwer gereformeerde insigte nie die enigste norm en maatstaf was nie. Daarom sal 'n mens by die gebruik van hierdie vertaling uiters versigtig moet wees, selfs al sou die vertaling die amptelike een op die kansel word. En of hierdie vertaling die amptelike een word, sal nog gesien moet word.

## BYLAAG F: DIE PARAFRASE

Wat is parafrase? Parafrase kan gesien word as die uiterste vorm van vrye vertaling wat ook ten doel het om dit wat ontoeganklik in die brontaal opgesluit lê, vir die leser/hoorder in die doeltaal so volledig as moontlik te ontsluit, sonder om tegniese presies te vertaal. 'n Woordeboek definieer parafrase as: "Vertolking van die betekenis van 'n gedig of 'n stuk prosa in eenvoudige taal." Die betekenis moet korrek vertolk word ('n skewe of foutiewe vertolking is ook moontlik - dan is dit 'n swak parafrase) en dit moet in eenvoudige taal geskied - dit is dan veral hierdie twee vereistes waaraan 'n goeie parafrase moet beantwoord.

By 'n parafrase word die struktuur, styl en soms selfs die inhoud van die oorspronklike geheel of gedeeltelik agtergelaat. Die gerigtheid op die eietydse leser is hier besonder sterk. Dit gaan meer om die skep van 'n maklik leesbare stuk vir die hedendaagse leser as om 'n letterlike (en dikwels minder verstaanbare) vertaling van die oorspronklike weer te gee.

Ongelukkig word in hierdie sisteem die poging om die kulturele en die tydruimtelike gaping tussen die oorspronklike en die teikentaal in vertaling te oorbrug, soms te ver gevoer. Moontlik is laasge-noemde die rede waarom in behoudende vertaalkundige kringe die woord "parafrase" meestal 'n pejoratiewe konnotasie kry.

Die Nida-skool wat dan ook ten regte 'n goeie én slegte sin aandui in die woord parafrase. 'n Swak vertaling word verkry wanneer die oorspronklike boodskap uitgebrei, ingekort of vermink word deur die parafrasering daarvan: "Paraphrase by addition, deletion, or skewing of the message." Parafrase in die goeie sin van die woord is as in 'n vertaling gefokus word op die bedoeling of inhoud as sulks en gepoog word om dit ongeskonde te bewaar; in hierdie proses mag die vorm dan heel radikaal herstruktureer word. Onder laasgenoemde "goeie" soort parafrase wil Nida die dinamies-ekwivalente werkswyse tuisbring. Alhoewel parafrase ook nuttige diens kan doen, kan die vraag tog gestel word of heel vrye vertalings van die Skrif soos onder andere die volgende, werklik nog as gesaghebbende Bybelvertalings beskou kan word:

Psalm 110: 1 word deur Today's English Version (TEV) soos volg vertaal:

The LORD said to my lord, the king,  
"Sit here at my right  
until I put your enemies under your feet."

Nog meer parafraserend is die nuwe vertaling in Afrikaans (NAV) se weergawe van hierdie vers:



Die Here het vir my heer die koning gesê:  
 "Kom sit aan my regterhand,  
 en Ek sal jou vyande aan jou onderwerp."

Dat hierdie vers inhoudelik verander word deur 'n parafraserende vertaling is erg jammer as in aanmerking geneem word dat dit een van die mees duidelike Messiaanse verse van die hele Ou Testament vorm! Behalwe dat dit deur Christus Self op hom van toepassing gemaak is, blykens al drie sinoptiese evangelies, word dit nog in sewe ander Nuwe Testamentiese gedeeltes direk op Hom as Messias betrek.

Vgl Hand 2: 34 – 5, 1 Kor 15: 25, Efes 1: 20 – 2, Kol 3: 1, Hebr 1: 13, 8: 1 en 10: 12 - 3.

Beide JB en NIV vertaal hierdie vers Messiaans en blyk daardeur 'n behoudende siening te handhaaf. Die uitgangspunt van hierdie studie is hier ook die meer behoudende, naamlik dat wanneer 'n Ou Testamentiese teks Messiaans of nie-Messiaans vertaal kan word, en daar uit die Nuwe Testament duidelike bewyse is dat dié teks wat later Messiaans verstaan en gebruik is (in geval van Psalm 110: 1 deur Christus Self!), dit dan voor die hand liggend is dat eerder aan die Messiaanse vertaling voorkeur behoort gegee te word as aan 'n direk nie-Messiaanse vertaling. Vergelyk vir hierdie siening veral Dodd (1952: 110, 126).

Die meerderheidsiening vandag in verband met Psalm 110 is egter dat dit 'n voor-eksiliese koningspsalm is, gekomponeer vir 'n Dawidiese koning in Jerusalem en dat dit bloot as sodanig vertaal moet word. Vertaalwetenskaplik kan daar sekerlik wel 'n sterk punt daarvoor uitgemaak word dat slegs vertaal moet word wat in die Hebreeuse teks geskrywe staan (sonder invoeging van Messias-aanduidende hoofletters). Dan moet daar egter óók vertaalwetenskaplik kapsie gemaak word teen D - E vertalings wat, om die nie-Messiaansheid duidelik te laat uitkom, 'n woord soos "koning" invoeg in die vertaling van Psalm 110: 1 "

(vgl NAV en TEV onder andere). Deur hierdie invoeging word 'n bepaalde teologiese siening (sonder behoorlike staving, soos wat die Messias-siening wel het) in die Skrifvertaling ingedra. Die nagevorste blykbare kultuur-historiese agtergrond van Psalm 110 hoef tog sekerlik nie willens en wetens in die vertaalde teks ingebed te word deur middel van woordinvoegings nie. So 'n direkte nie-Messiaanse vertaling sal, in plaas van om rekening te hou met die emosies van die reseptor, dit eerder verwar, aangesien laasgenoemdes deur middel van die Nuwe Testament bekend kan wees met die Messiaanse konnotasies van hierdie Psalmvers. Die behoudende Rooms-Katolieke vertaling The Jerusalem Bible merk by hierdie vers terug op in 'n voetnota: "*The risen Christ is seated at the right hand of the Father.*"

Dit sal slegs profytlik wees as Bybelvertalers eers goed kennis kan neem van hermeneutiese reëls vir die eksegeese van Ou Testamentiese Messiaanse profesieë, veral die benadering wat hom toespits op die vind van die *sensus plenior*, alvorens hulle vertaling van sodanige gedeeltes aanpak. Daar is veel van waarde in dié benadering in sover as wat die Nuwe Testament self sy lesers aanmoedig om groter vervulling te sien van wat in die Ou Testamentiese openbaring in geringe mate of slegs gedeeltelik te voorskyn getree het (Hebr. 1: 1 – 3). Wanneer die *sensus plenior* egter misbruik word, open dit die deur vir 'n willekeurige verhouding tussen Skrif en tradisie of hou dit voor dat die latere kerk die mag het om as gesaghebbend te sanksioneer sekere idees en dogmas

wat latent in die Skrif sou wees, byvoorbeeld die hemelvaart van Maria en pouslike onfeilbaarheid.

Wat hou sensus plenior dan inderwaarheid in? Die volgende criteria moet by die soeke na 'n antwoord op dié vraag aangelê word:

1. of daar 'n volmag in die Nuwe Testament voorkom wat magtiging gee dat 'n voller sin (fuller sense) toegeken kan word aan 'n ou Testamentiese gedeelte. Hierdie getuienis sal tot gevolg hê dat die ou Testamentiese lering in 'n wyer konteks geplaas word en meer verwant gemaak word aan die heilsgeskiedenis (bv die Immanuel-profesieë in Jesaja );
2. of die Nuwe Testament se groter vervulling (larger fulfilment) ooreenstemmend is met die letterlike Skrifsin. Voorbeelde van die moontlike homogeniteit van twee Skrifgedeeltes word aangetref in die profetiese Psalms 2 en 110 waar 'n moontlike oorspronklike opset in die Israelitiese monargie in staat is tot 'n wyer en dieper toepassing op "die groot Dawid se groter Seun." Hierdie laasgenoemde punt kan dan die probleme van die vertalers met aanhalings uit die Ou in die Nuwe Testament, op 'n bevredigende wyse ondervang.

### UITGANGSPUNTE VIR BYBELVERTALING

God se Woord is nie maar net nog 'n boek wat vertaal moet word nie. As geïnspireerde Woord van die lewende HERE is dit volkome uniek en eiesoortig. Die vertaalarbeid aan byvoorbeeld 'n stuk Bybelse Hebreeuse poësie is dus ook wel onderhewig aan sekere erkende metodes en uitgangspunte vir vertaling, (soos bogenoemd) maar daar kom nog iets by. Vertaling van die Skrif is nie bloot gewone vertaling van 'n stuk Hebreeuse poësie of Griekse prosa nie; nee, dit is en bly steeds gewone vertaling plus.

Hierdie studie gaan uit van die standpunt dat die hele Bybel oorspronklik goddelik geïnspireerd is. Dit bevat dus nie net soms die Woord van God nie, maar is inderdaad die Woord van God. Uit hierdie siening kan dan die volgende uitgangspunte vir Bybelvertaling gedistilleer word:

#### 1. Getrouheid aan die oorspronklike teks

Voor die vertaler met vertaalarbeid aan 'n Bybelgedeelte kan begin, moet hy eers bepaal watter teks gevolg moet word vir die vertaling. Aan 'n getroue vertaling van die Skrif word dan ook die eis gestel dat dit gebonde moet wees aan die grondteks. Hiermee word iets anders bedoel as dat dit getrou moet wees in die weergawe van sinne en woordverbindings. Voordat daar tot 'n getroue weergawe gekom kan word, moet daar egter eers vasgestel word watter teks daar by voorkeur gevolg sal word.

Die geskiedenis van die bewaring van die Bybelteks toon hoe God getrou wag gehou het

oor sy Woord, maar dit vlek ook die permanente littekens oop wat daardie selfde Woord deur die agtelosigheid van oorskrywers en die ketterse invloede van sekere geskoolde kerklidmate daarop nagehou het.

Die wetenskap van die tekskritiek speel in hierdie fase van die vertaalarbeid dus 'n belangrike rol: Die teks wat geëksegetiseer moet word, moet eers vasgestel word - dit is nie alreeds duidelik gedefinieer nie.

Die beskikbare getuïenisse oor die teks moet eers ondersoek word teneinde 'n enkele vorm van die teks te rekonstrueer wat met vrymoedigheid aangeneem kan word as só na aan die outograaf as wat wetenskaplike metodes 'n mens kan bring, indien nie (idealiter) identies daaraan nie. Die arbeid van die tekskritiek is beide 'n preliminêre en 'n geïntegreerde deel van die taak van eksegeese; vroeër is sy rol oorskakel, net soos dit nou neig om onderskat te word, nogtans lewer dit onmisbare diens.

Dit is van groot belang welke teks die vertaler kies as basis vir sy vertaling. Die ou Latynse vertalings van die Ou Testament is nie gebaseer op die Hebraëuse teks nie, maar op die Griekse vertaling, die Septuaginta. Hieronimus het gepleit vir 'n vertaling van die Ou Testament gebaseer op die oorspronklike Hebraëuse en Aramese teks. Die kerke van die Reformasie het ook 'n vertaling uit die Hebraëuse grondteks voorgestaan.

Die Masoretiese teks van die Ou Testament moet as van kardinale belang beskou word vir alle vertaalarbeid op hierdie terrein. Tereg verklaar Van Bruggen dan ook dat die Masoretiese teks "must be binding for the translator of the Old Testament unless obvious mistakes have been shown.

If this restriction is relaxed, then the translation of the Old Testament breaks adrift and is tossed to and fro between the preferred readings of a few contemporary Old Testament scholars."

## 2. Duidelikheid

Die eerste vraag wat gestel kan word by enige vertaling is: wat is die doel van die vertaling? Fensham gee hierop die volgende antwoord: "... om dit te verstaan; 'n mens sou ook kan sê: om dit onmiddellik te verstaan. Dit beteken dat 'n mens so moet vertaal dat die leser nie onnodige probleme het om die vertaling te volg nie. Die oomblik as dit onverstaanbaar is, verloor hy sy belangstelling in wat hy lees of hy is verplig om dit uit te redeneer. As hy sonder genoegsame kennis dit uitrede-neer, mag hy tot 'n verkeerde gevolgtrekking kom van wat daar eintlik in die oorspronklike staan." 'n Verkeerde gevolgtrekking moet ten alle koste verhoed word, veral as dit gaan om die vertaling van die Skrif. So-iets kan alleen verhoed word as die vertaling vir die leser in sy eie taalidroom duidelik is.

Vir wie is die Bybel as Woord van God eintlik bedoel? Die antwoord op hierdie vraag hang ten nouste saam met die duidelikheid al dan nie van 'n vertaling van die Skrif.

Nida/Taber noem hier dat in 'n doeltaal met 'n lang literêre tradisie en 'n goedgevestigde

tradisionele teks van die Bybel, drie soorte Bybelvertaling gewoonlik gewens is:

- (a) 'n vertaling wat die tradisionele gebruik sal weerspieël en gebruik kan word in die kerke, veral vir liturgiese doeleindes (die sogenaamde "ecclesiastical translation").
- (b) 'n vertaling in die hedendaagse literêre taal, om te kommunikeer met die welopgevoede bevolkingslaag en
- (c) 'n vertaling in die algemene ("common") of populêre taal, wat geken en gebruik word deur die gewone mense en wat terselfdertyd aanvaarbaar is as 'n standaard vir publikasies.

In aansluiting by hul siening van vertaling as kommunikasie- en sendingmiddel, wil die Nida-skool egter 'n Bybelvertaling in 'n taal met geen literêre tradisie sien as vernameelik toegespits op nie-Christene, op die jong volwassenes en op die vroue se taalgebruik en begripsvermoë. As hierdie drie groepe nie 'n Bybelgedeelte in vertaling kan begryp nie, dan bly die Skrif versluierd en is só 'n vertaling nie geslaagd nie.

Terwyl van laasgenoemde siening van die Nida-skool verskil moet word vanweë sy sterk sosio-antropologiese geneigdheid, kan dit tog nie as geheel waardeloos afgemaak word nie. Skrifvertaling hou ook Skrifverkondiging in en kan as sodanig ook gedoen word met mense in 'n bepaalde milieu (bv die sendingveld) in gedagte.

As die Skrif egter in die eerste plek gesien word as Woord van God gerig tot die volk van God, dit wil sê sy uitverkorenes, dan blyk die uitnemender weg te wees dat nie die Skrif aangepas moet word om in te pas by die mens nie, maar dat die bede mag wees dat die mens eerder deur God se Gees só verander sal word dat hy die Skrif sal kán verstaan, al is dit ten dele. In die Skrif word immers diegene aangespreek wat uitverkies is tot 'n verbondsgemeenskap met God. Daarom is daar baie sake in die Skrif wat die buitestaander of nie-Christen altyd verstom het en nog steeds sal bly verstom. Selfs die Here Christus het hierdie feit benadruk met betrekking tot sy leer in gelykenisse.

Die duidelikheid (*perspicuitas/claritas*) van die Skrif moet dus nie in vertaling só verabsoluteer word dat dit bloot net gaan om 'n eenvoudig-geskrewe stuk prosa net vir die man op straat te skep nie. Nee, die Skrif is duidelik goddelike openbaring wat bedoel is vir elke kind van God in watter situasie hy hom ookal mag bevind. Dit is in die verlede verklaar en dit word steeds verklaar deur God se Heilige Gees. As sodanig is die vertaling van die hele Skrif of enige Skrif-gedeelte eie-soortige kunsarbeid aan 'n eenmalige en unieke Boek. *"We must realize that the Bible, that collection of sixty-six remarkable Books, was not intended by God to serve as a gospel tract to be left on a street corner as an irresistible eye-opener."*

Die Heilige Skrif moet kragtens sy aard deur elke vertaler as helder en duidelik raakgesien

en erken word in sover as wat God se Gees Self die verklaarder daarvan is en ook vir die komende geslagte nog sal wees. *"This does not mean that we must go out of our way to make things difficult for believers to understand the deep things of God. But it does mean we must at all cost preserve a vocabulary which befits the subject matter embodied in the Hebrew and Greek Scriptures."*

Ten spyte van vele besware teen die moderne vertalings van die Skrif, is dit tog 'n sekere feit dat hulle gekom het om te bly en dat hulle in 'n behoefte voorsien. Ook die NAV het sekerlik 'n plek wat hy volstaan onder gelowige Afrikaanssprekendes en kan nie bloot weggewens word weens besware teen sy vertaalmetode nie.

Die vraag kom dan nou na vore: as 'n Skrifvertaling duidelik is, vir wie moet dit duidelik wees: die sending-/evangelisasie-objek, die kerkganger of die akademikus?

Die dilemma wat die beantwoording van hierdie vraag inhou, word opgeklaar deur 'n oplossing wat Gispens aan die hand doen en wat graag deur hierdie studie sterk ondersteun wil word. Hy noem dat in die huidige situasie drie soorte vertalings gewens is:

- (a) in die gees van die Duitse vertaling van Buber/Rosenzweig moet 'n soveel moontlik konkordante, idiolekte of letterlike vertaling gemaak word. Dit sal egter nooit 'n populêre vertaling kan word nie. Dit sal bedoel wees vir fynproewers, vir 'n groep mense wat so na as moontlik aan die oorspronklike koloriet wil kom;
- (b) daar moet ook 'n vertaling vir kassel en gesin, vir kerklike gebruik en vir die Christelike lewe gemaak word. Hierdie vertaling moet liefers die middeweg kies tussen 'n letterlike en dinamies-ekwivalente vertaling.
- (c) ten derde moet daar 'n soort volksbybel bestaan, dit wil sê 'n populêre vertaling wat gebruik maak van die gewone, alledaagse taal soos dit in die volksmond leef.

Die Woord van God moet op alle moontlike maniere aan alle moontlike mense gebring word. Elkeen moet in staat gestel word om in sy eie taal of dialek die Skrif te hoor praat van die groot daad van God. Slegs wanneer 'n vertaling vir die mense vir wie dit bedoel is, waarlik duidelik is, kan dit as 'n geslaagde Bybelvertaling geld.

### 3. Waardigheid

'n Vertaling van die Woord van God moet 'n waardige vertaling wees omrede die oorspronklike dokument 'n waardige Boek is. Hierdie Geskrif is weens sy oorsprong en gerigtheid só uniek en eiesoortig dat dit slegs met die grootste eerbied behandel moet word.

Omdat Bybelvertaling 'n eiesoortige kuns is, is dit van groot belang dat ook die vertalers wat op hierdie terrein kunsskeppend besig is, nie maar bloot net kenners van Hebreeus en Grieks moet wees nie. 'n Bybelvertaler moet ook geestelike insig in en eerbied vir die Skrif hê - iets wat slegs die Gees van God deur die geloof aan Hom kan verleen.

Veelbetekenend is dit om daarop te let dat die Dordtse Sinode (1618/19) se eerste voorskrif vir die later so geslaagde Statevertaling dan ook inderdaad was "*dat de vertalers zich eerbiedig aan den oorspronkelijken tekst moesten houden en de zegswijzen der oorspronkelijke talen zooveel de duidelijkheid van het betoog en het karakter van de Nederlandsche taal het toeliet, zorgvuldig moesten behouden.*"

Uit bogenoemde blyk duidelik hoe die Dordtse Sinode en later ook die Statevertalers oor die Skrif gedink het. Hulle het dit nie net na die inhoud nie, maar ook na die vorm as die Woord van God beskou.

'n Tweede reël vir die Statevertalers wat nou by die eerste reël aansluit, was dat woorde wat nie in die oorspronklike teks voorkom maar tog ter wille van stylvolle Nederlands in die vertaling "ingelas" moes word, aangedui sou word deur 'n kleiner lettertype en hakies. Ook hieruit blyk die groot eerbied van genoemde sinode vir die Skrif as Woord van God.

Luther het, op voetspoor van Augustinus, die waardigheidsbeginsel by 'n Bybelvertaler egter te ver gedryf. Hy sien die gelowige Skrifvertaler nie bloot as 'n instrument wat deur die Gees gedrywe werktuiglik sy woorde neerskryf nie (soos by Philo en Augustinus), maar as 'n gelowige werktuig wat as mens organies geïnspireerd, met gebruikmaking van tale en talente, sy uiterste bes as vertaler doen.

*"The translator must have 'the knowledge of Christ and of God's grace,' but besides he must possess the linguistic knowledge necessary for the understanding and interpretation of the word. This combination of inspiration and of human knowledge enables him to create a version which, though in his view not without mistakes, is yet the best translation a man can make".*

Nie net die outograaf nie, maar ook 'n vertaling kan dus, volgens Luther, geïnspireerd wees.

God se Woord as die mees eerbiedwaardige geskrif ter wêreld, kan slegs getrou vertaal word deur "waardige" vertalers, dit wil sê mense wat nie alleen in taalgeleerdheid nie, maar ook in nederigheid en Godvresendheid bo hul geslag uitblink. 'n Ongelowige kan hom waag aan vertaling van die Skrif, maar só 'n vertaling sal slegs "bolangs" korrek wees en nooit as die betroubare Woord van God gereken kan word nie. Tereg beweer Van Bruggen dan ook: "*We do not claim that the Hebrew and Greek words are inaccessible to an unbelieving translator. A mere linguist can do much, but for the completion of the translation, he will need spiritual insight into matters such as the connection between the prophecies and narratives within Scripture.*"

#### 4. Letterkundige korrektheid

Die afgelope twintig jaar met die opkoms van die dinamies-ekwivalente Bybelvertalingsrigting het die linguistiek 'n al hoe groter rol begin speel in Skrifvertaling, terwyl die letterkundige skoonheid (beide van die brontaal en doeltaal) al hoe meer op die agtergrond gedruk is as nie van groot belang vir die hedendaagse leser nie. Die D - E-metode is behep met duidelikheid vir die reseptor. In dié proses is nie alleen die Skrif inhoudelik aangetas nie, maar die D - E vertalings het dikwels letterkundig ontstellend verarmd uit die vertaalmeul gekom. Veral die poëtiese gedeeltes van die Skrif het swaar onder die verstaanbaar-vir-die-reseptor uitgangspunt gely. Styl en stylfigure is vir die Nidaskool ongelukkig van minder belang in hul lys van prioriteite vir Skrifvertaling.

Terwyl dit nie betwis word dat idiome en stylfigure meestal besondere probleme skep vir en eise stel aan Bybelvertalers nie, is dit tog 'n feit dat sommige wel oordraagbaar is in die doeltaal, al moet dit dan gepaardgaan met verklarende voetnote. Pragtige Semitiese taaluitdrukkings is deur die Statevertalers so letterlik moontlik in Nederlands oorgesit (met verklarende kantaantekeninge daarby) en sodoende is nie alleen Nederlands nie, maar ook die jong Afrikaans (die Statebybel in die wakis van die Voortrekkers!) daardeur letterkundig onberekenbaar verryk. Vurig kole op die hoof werp; die HERE se aangesig soek; been van my been en vlees van my vlees, om maar enkeles te noem, is Semitiese idiome wat in die Nederlandse en Afrikaanse taalskat al volle burgerreg verkry het via die Bybelvertalings. Ook in al die gesaghebbende woordeboeke van dié twee tale word hulle erken. Om nou ter wille van groter duidelikheid vir die reseptor (die man op straat) altyd interpretatief te gaan vertaal: iemand skaam maak; die Here opsoek; my bloedfamilie (om maar net na bogenoemde voorbeelde te verwys) is nie alleen onnodig nie (daar is tog Skrifverklaarders, kommentare en woordeboeke vir die oningeligtes), maar dit hou ook in 'n ongelukkige verarming en verskraling van die doeltaal.

Dit kan nie betwis word nie dat sekere taalverskynsels soos rym, alliterasie, assonansie en metrum baie moeilik "oor-vertaal" kan word in die doeltaal - veel, indien nie alles van die oorspronklike taalverskynsel sal in só 'n vertaling verlore gaan. Ander kenmerke wat eie is aan die oorspronklike Skrifteks (in hierdie geval Hebreeus) behoort egter ter wille van hul inherente skoonheid en die verrykingswaarde wat dit inhou vir die moderne taal ook oorgedra te word na die doeltaal (hier: Afrikaans) wanneer enigsins moontlik. Hieronder kan vermeld word vergelykings, metafore, simbole, idiome, repetisie, getaltrappe en woordpare.

## BYLAAG G: DIE NIDA-SKOOL

Eugene Albert Nida kan met reg die vader van die dinamies-ekwivalente (D - E) vertaalwerkwyse genoem word. Hy is vandag een van die mees invloedryke figure op die gebied van Bybelvertaling ter wêreld.

Biografies kan kortliks die volgende oor hom gesê word: Nida is op 11 November 1914 in Oklahoma City, Oklahoma gebore waar sy vader as mediese dokter gepraktiseer het. Op skool maak hy veral erns van sy studie van Latyn. In 1939 behaal hy aan die University of Southern California 'n meestersgraad in Nuwe Testamentiese Grieks. In 1941 begin Nida in linguistiek studeer en doktoreer in 1943 aan die University of Michigan op 'n tesis: "*A synopsis of English syntax.*" Vanaf 1937 tot 1953 doseer hy saam met Kenneth L Pike aan die Summer Institute of Linguistics, waar hy veral verantwoordelikheid aanvaar vir morfologie en sintaksis. Hy tree gedurende 1943 in die huwelik en word in dieselfde jaar bevestig as predikant van die Northern Baptist Convention. Ook in 1943 word Nida opgeneem in die personeel van die American Bible Society. Die United Bible Societies (UBS) keur in 1949 die publikasie van 'n kwartaalblad, *The Bible Translator*, goed en Nida word as hoofredakteur benoem. North noem hierdie blad tereg: "... *one of the cornerstones of the world movement of Bible translation.*"

In 1970 word Nida aangestel as UBS Translations Research Coordinator. Daar-benewens tree hy ook op as Uitvoerende Sekretaris vir die American Bible Society. Die belangrikste boeke wat hy op die gebied van Bybelvertaling gepubliseer het, is *Bible Translating* (1964) en *The theory and practice of translation* (saam met C R Taber, 1969). Van sy lesings is saamgebundel in onder andere *Customs and cultures* (1954); *Message and mission* (1960) en *Religion across cultures* (1968).

Nida is 'n voorstander van nuwe vertalings van die Bybel omdat hy glo dat die hele siening ten opsigte van kommunikasie verander het. Sy eie boeke oor vertaalteorie het dan ook ontstaan uit 'n nuwe kommunikasieteorie.

Volgens Nida was daar by Bybelvertalers vroeër 'n eensydige klem op die boodskap wat oorgedra moes word, maar vandag moet erns gemaak word met die koppeling van die boodskap aan sy ontvanger (reseptor), ongeag of die reseptor 'n individu of 'n groep is. Die boodskap moet dus aangepas word by die luisteraar in sy eie situasie en kulturele milieu. Die boodskap moet op so 'n wyse enkodeer word (encoded) dat die reseptors dit mag dekodeer (decode) "*within the limits of their channel capacity.*"

Die nuwe D - E teorie van Nida verwyf die ouer vertalings van die Bybel dat hulle te min rekening gehou het met die sosiale en kulturele bestemdheid en beperkinge van die menslike natuur. Vroeëre vertalers het die linguistiese verskille tussen Hebreeus as brontaal en die doeltaal (reseptortaal) raakgesien, maar die groot verskil tussen byvoorbeeld die Bybelse profeet se Israelitiese gehoor van die agste eeu v Chr en die moderne leser is grotendeels oor die hoof gesien. Die Bybelse profeet het met sy hoorders gekommunikeer binne sy eie kulturele patroon, waarbinne profesie 'n erkende verskynsel was. As daardie boodskap nou geïsoleer word van die oorspronklike spreker en hoorder



en slegs die woorde vertaal word, dan sal dit beland in 'n totaal vreemde gehoor en kragteloos na die grond toe val. Om weer 'n ware boodskap te word (*"an act of communication"*) moet dit eers gerig word op die twintigste eeuse hoorder. *"Communication is only possible within the circle of the speaker, the listener, and the message; and this circle is closed by time and culture."*

Volgens die Nida-skool word ware kommunikasie verbreek wanneer die verskil tussen Bybelse en hedendaagse kultuur nie onder oë gesien word nie. Nida beweer dan ook: *"In the biblical account, the holy kiss, the wearing of veils, women speaking in church, and wrestling with an angel all have different meanings than in our own culture."* Jakob se worsteling met die engel kan volgens Nida psigo-analities of mitologies verklaar word.

As die D - E teorie van die Nida-skool geëvalueer word, blyk duidelik dat diep spore van die moderne antropologie en sosiologie hier getrap is. Die teologie wat inherent aanwesig is in die D - E teorie is 'n siening van God, mens en wêreld wat noue aansluiting vind by moderne wysbegeerte en die wetenskappe wat daarop gegrond is. Van Bruggen beweer dan ook: *"Nida derives a lot from sciences, such as cultural anthropology, phenomenology of religions, sociology, and communication theory, but in doing so, he bases himself on the literature of these sciences that is written from a non Christian and immanentistic point of view. Nida also shows appreciation for the philosophy of exestentialism, a revolt against the intellectualizing of life."*

Ongelukkig moet teologiesgefundeerde besware teen die Nida-skool se dinamies-ekwivalente Skrifvertaalteorie ingebring word:

- (a) deur te veel klem op die reseptor van die boodskap te laat val, kan die boodskap self as van minder waarde geag word. Die gevaar bestaan dat die Heilige Gees, wat die Skrif altyd ad rem ook vir die 20e eeuse mens verklaar, hier meer na die agtergrond verskuif kan word;
- (b) deur soms te veel klem op die mens as ontvanger van die boodskap te laat val, kan die fokuspunt afgetrek word van God, wat die Gewer van die Bybelse boodskap is. Die D - E teorie is dan ook sterk horisontaal gerig en duidelik humanisties afgestem;
- (c) die Bybelse openbaring word dikwels op gelyke vlak gestel met die menslike taal en sy beperkthede. Die waarheid is egter dat: *"Although biblical revelation comes to us in human language, it does not participate in the limitations of human speech."* God se Woord is nie spesiaal slegs bedoel vir die oorspronklike luisteraar nie, maar ook vir alle eeue en alle gelowiges.

## BYLAAG H: DIE "UNITED BIBLE SOCIETIES" (UBS)

Die oorspronklike oogmerk van Bybelgenootskappe was die verspreiding van bestaande vertalings van die Skrif.

In 1710 is die oudste Bybelgenootskap gestig, naamlik die Cansteinsche Bibelgesellschaft, maar die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap wat in 1804 in Londen in die lewe geroep is, het die invloedrykste geword. Uit laasgenoemde genootskap het ook die Bybelgenootskap van Suid-Afrika ontwikkel.

Die American Bible Society neem Eugene Nida in 1943 op in 'n toppos. Hy was daardeur die eerste linguïst wat in die leiding van 'n Bybelgenootskap 'n plek verwerf het. Hy besoek talle sendingvelde om ter plaatse as verteenwoordiger van die Bybelgenootskap vertalers te help met hul veeleisende taak. In 1970 word hy aangestel as "*UBS Translations Research Coordinator*."

Hierdie pos stel hom in staat om die dinamies-ekwivalente vertaalteorie nog des te sterker te propageer by alle vertalingsprojekte onder beskerming van die Bybelgenootskappe.

Die meeste Bybelgenootskappe is vandag geaffilieer by die United Bible Societies. Hierdie UBS bepaal sy eie beleid en onderskryf geen besondere belydenisgrondslag nie. "*This independent status of the Bible societies is valued by those denominations that support the World Council of Churches... The Bible societies have come to be viewed as a functional form of interdenominational cooperation,*" aldus Van Bruggen.

Weens die algemene siening dat die kerke dikwels faal in hul verantwoordelikheid om die wêreld met die Bybel te bereik, sien die Bybelgenootskappe dit nou as die taak wat hulle moet aanpak. Derham beskrywe dan ook die arbeid van die Bybelgenootskappe as "*liberating the Word*."

Die UBS verwag dat die kerke wat met hulle saamwerk, ook met hulle siening van dinamies-ekwivalente vertaling moet saamstem. Die UBS gaan selfs so ver om byna gesag te wil afdwing waar dit gaan om finansiële steun by vertalingsprojekte: hoe meer letterlik en minder dinamies-ekwivalent 'n vertaling is, hoe minder hoop kan daar wees op geldelike hulp van die UBS.

Die drie Afrikaanse kerke is ook nou betrek by 'n D - E vertalingsprojek van die Bybelgenootskap. In Julie 1967 is naamlik 'n groot vertalerseminaar te Turfloop deur die Bybelgenootskap gereël. Dr Nida het ook aan hierdie seminar deelgeneem. Hier is die saad gesaai vir 'n nuwe Afrikaanse vertaling op D - E basis. In Julie 1968 neem die Bybelgenootskap weer die inisiatief met 'n tweede vertalerseminaar wat aan die Universiteit van Pretoria aangebied word. Verteenwoordigers van die drie Afrikaanse kerke word onder andere na hierdie seminar uitgenooi. Weer word 'n reeks lesings deur dr Nida aangebied. Aan die einde van die seminar word op 5 Julie 1968 eenparig besluit dat "die tyd nou aangebreek het dat gewerk word aan 'n vernieude vertaling, wat rekening

hou met die ontwikkeling van Afrikaans in die afgelope tydvak en die resultate van wetenskaplike ondersoek ...”

Die Nasionale Raad van die Bybelgenootskap keur die aanbeveling van die seminaar om 'n nuwe vertaling te maak op sy vergadering van 14 Augustus 1968 goed en stel so 'n vertaling voor aan die drie Afrikaanse kerke.

Gedurende 1970 keur al drie hierdie kerke die voorstel van die Bybelgenootskap "dat 'n nuwe vertaling in hedendaagse Afrikaans voorberei moet word” goed. Nou gaan die Bybelgenootskap daartoe oor om na oorlegpleging met die meewerkende kerke, 'n vertalingskommissie vir die Nuwe Afrikaanse Vertaling (NAV) te benoem. In Februarie 1971 word die eerste proefuitgawe van die Blye Boodskap in opdrag van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika aan die leserspubliek vrygestel.

Hierdie proefuitgawe was duidelik op die dinamies-ekwivalente lees geskoei, alhoewel 'n meer letterlike vertaling tog nog hier en daar deurgeslaan het. Die Nuwe Testament en Psalms wat in 1979 verskyn het, is egter sonder twyfel 'n vertaling wat geskep is deur middel van die D - E vertalingsuitgangspunt - 'n feit wat blyk uit die vertaling self, sowel as lesings en publikasies van die vertalers.

In 1970 het die Gereformeerde Kerk se Sinode besluit dat “die vertaling so verstaanbaar moontlik moet wees, ook vir jongmense, maar die oorspronklike koloriet moet so ver moontlik behou word met beklemtoning van die waardigheid van die vertaling. Vertaling is geen parafrase (omskrywing) nie - dit is die werk van kommentare.”

In 1979 besluit genoemde Kerk se Sinode om verdere hulp aan die UBS met die NAV te verleen. Die deputate vir Bybelvertaling oordeel egter in verband met die Afrikaans van die alreeds gepubliseerde NAV-gedeeltes dat baie van die poëtiese ongelukkig verlore gegaan het: "Daar is in die weergawe van die poëtiese te min aandag vir die lading van die woord, vir die digterlike beeld en beeldspraak, vir die parallelismes (vgl Ps 29: 5), vir die woordkeuse en woordorde, vir die ritme van die Afrikaanse prosa waarin dit weergegee word."

## BYLAE I: BESWARE VANUIT DIE DORDTSE LEERREËLS TEEN DIE 1983-VERTALING VAN DIE BYBEL IN AFRIKAANS

### 1 Die verbondskarakter van die Skrif is aangetas

Die Bybel is die boek van Jahweh, die God van die verbond. Dit gaan daarin oor die werke aan en vir sy verbondsvolk, die kerk. Dit het ontstaan binne die verbondsgeskiedenis. Daarom is dit geskryf in verbondsterminologie. Dié verbondsterminologie is ook te vinde in die Nuwe Testament omdat die skrywers hulle doelbewus aangesluit het by die verbondsterminologie wat in die Ou Testament gebruik is. Dus die één Verbondsboek.

Die Drie Formuliere van Eenheid, en so ook die Dordtse Leerreëls praat dié verbondmatige spreekwyse getrou na. Dit gebruik ook sleutelbegrippe soos “verbond”, “bloed van die verbond”, “geregtigheid”, “barmhartigheid”, “goedertierenheid”, “heilig”, “besnydenis”, “aangesig van die HERE”, ens. Dik-wels word in die 1983-Vertaling so vertaal dat dit nie meer vir die gewone leser duidelik is dat in die oorspronklike taal 'n tipiese verbondsterm gebesig word nie, bv.

Mat 5: 6: 1933-Vert. "...honger en dors na die geregtigheid"  
1983- Vert. "...honger en dors na wat reg is“ (In DL I, 12 aangehaal)

Die Woord “geregtigheid” het verskillende betekenisnuanses, maar in die meeste gevalle word die verbondsverhouding veronderstel. Omdat die 1983-Vertaling egter telkens met 'n ander woord(e) vertaal word, sien die leser nie meer dat dit so is nie. Vergelyk bv.

Ef 4: 24 1933-Vert. “geregtigheid” (In D L III/IV, 1 aangehaal).  
1983-Vert. “volkome volgens die wil van God”

1 Kor 7: 14  
1933: “Want die ongelowige man is geheilig deur die vrou en die ongelowige vrou is geheilig deur die man; want anders sou julle kinders onrein wees, maar nou is hulle heilig”. (In D L I, 17 aangehaal)  
1983: “Die ongelowige man is by God aanneemlik deur die band met die gelowige vrou, en die ongelowige vrou is by God aanneemlik deur die band met die gelowige man. Anders sou julle kinders heidene wees, maar nou behoort hulle aan God.”

Die betekenis van die begrip “heilig”, nl. afgesonder tot die kring van die verbond om God te dien, gaan totaal verlore en word nie deur “by God aanneemlik” weergegee nie. Waar is bowendien die duidelike verband met 2 Tim 1: 9 waar ook die woord “heilig” gebruik word:

2 Tim 1: 9 1933: “Wat ons gered en geroep het met 'n heilige roeping....”  
1983: "Hy het ons gered en geroep om aan Hom toegewy te wees....”  
(In D L verwerping van die Dwaling I, 3 aangehaal)

Jer 4: 41933: “Besny julle vir die HERE en verwyder die onbesnedenheid van hart...” (aangehaal in D L III/IV, II, reël 8)  
 1983: “Wy julle aan die diens van die Here en verwyder alle ontrou uit julle harte...”

Jeremia roep Juda hier op om hulle te bekeer, vir hulle as volk van die verbond die verbondseis om nuut te wees van hart; daarvoor maak hy gebruik van die beeld van die besnydenis. Want lg. was juis vir Juda teken en seël daarvan dat die HERE belowe het dat Hy hulle God sal wees (Gen 17: 7,11) en dat Hy hulle hart sal vernuwe (Dt 30: 6). Maar hierdie band met die verbond, of die teken van die verbond, of die herinnering dat die volk 'n nuwe hart en lewe aan God verskuldig is, juis opgrond daarvan dat hulle 'n verbond met God het, is hier wegvertaal. Dalk sou dit nog merkbaar gewees het as die Hebreuse woord “Jahweh”, die verbondsnaam van God, met HERE weergegee was, maar nou verduister die 1983-Vertaling dit nog verder met "Here".

Num 6: 25 1933: “Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn...”  
 Met die woord aangesig word telkens in elk van genoemde Skrifgedeeltes vertaal in die 1933-vertaling  
 1983: “Die Here sal tot julle redding verskyn ...”

D L,V,13 ) lui “...die aangesig van die ontfermende God (waarvan die aanskouing vir die godvrugtige soeter is as die lewe, en die verberging bitterder as die dood).....  
 Dis 'n duidelike saak dat die aangesig van die HERE wat skyn oor sy volk, sowel as die feit van sy aangesig wat Hy verberg wanneer Hy toornig is teen hulle, tipiese verbonds-terminologie is. In beide die Ou en Nuwe Testament is dit in dié sin gebruik (Vgl Num 6: 23 - 27; Ps. 89: 16, Heb 9: 24) en as sulks word dit ook hier in die D L aangehaal. Maar wat kom in die 1983-Vertaling daarvan tereg ? Voorbeelde van hoe dit telkens wegvertaal is of in elk geval nie deur die gewone leser vermoed kan word dat hierdie uitdrukking in die oorspronklike taal gebruik is nie, is die volgende:

Ps 4: 7 1933: “Verhef oor ons die lig van u aangesig, o HERE...”  
 1983: “Wees tog weer goedgesind, Here, help ons.”  
Ps 89: 16 1933: “ Welgeluksalig is die volk wat... wandel in die lig van u aangesig..”  
 1983: “Dit gaan goed met die volk ... in u lig lewe, Here  
Openb 22:4 1933: “En hulle sal sy aangesig sien.....”  
 1983: “En hulle sal Hom sien...”

Waar die 1933-Vertaling telkens in die volgende verse lui dat God “sy aangesig verberg het”, kry ons die volgende vertalings by die 1983-Vertaling:

“... Vermy u my?...” - Job 13: 24;  
 “...trek U terug...” - Ps 22: 25;  
 “...U.. vir my verberg – Ps 27: 9  
 “...draai U u rug vir ons..” - Ps 44: 25  
 “...u dienaar alleen laat ..” - Ps 69: 18  
 “...niks met jou te doen hê nie” – Jes 54: 8  
 “... aan onself oorgelaat...” - Jes 64: 7

Aan Openb 22: 4 se nuwe vertaling is selfs nie eers meer te sien dat daar 'n verband is met hierdie uitdrukking wat so baie in die Ou Testament voorkom nie.

Ongetwyfeld is die 1983-Vertaling op baie plekke duideliker as die van die van 1933, maar dit is nie waarom dit gaan nie. Die saak is dat die eenheid van die Skrifte met die 1983-vertaalmetode verduister word. Gedagtig aan die woorde van Christus self, nl. dat die Skrif nie gebreek kan word nie. Joh 10: 35, kan ons as Geref. Kerke die 1983-vertaling nie aanvaar nie. Dit kan hoogstens as parafrase gebruik word. Miskien sou dit meer reg laat geskied het aan die verbondskarakter as die woord in die grondtaal sowel as die 1933-vertaling se ekwivalent in 'n voetnota of in hakies bygevoeg kon word.

## 2 Die Messiaanse karakter van die Ou Testament word misken

Uit die wyse waarop die D L, Verwerping van die Dwaling II, I Jes 53: 10 aanhaal, is dit duidelik dat Jes. 53 erken word as 'n profesie aangaande Jesus Christus. M a w Jes 53 kan nie anders as Messiaans verstaan word nie.

Jes 53: 10 lui soos volg:

“En die profeet Jesaja sê van die Saligmaker : As sy siel 'n skuldoffer aangebied het, sal Hy 'n nakroos sien; Hy sal die dae verleng, en die welbehoe van die HERE sal deur sy hand voorspoedig wees” (Jes. 53: 10)

Die 1983-Vertaling lui: “As hy sy lewe as skuldoffer gee, sal hy 'n nageslag hê en nog lank lewe; deur hom sal die wil van die Here sy doel bereik.”

Net soos in Ps. 45: 7 en 8 en Ps 110: 1 en 4 het die 1983-vertaling ook hier nie meer die betrokke vers op die Messias, die Seun van God, betrek nie. En dit terwyl Christus self vlg Joh. 5: 39 gesê het dat die Skrifte (= O T) van Hom getuig en die Hebreërbrief in hoofstuk 1: 8 en 9 die woorde van Ps. 45: 7 en 8 op Christus toepas.

Dis nie meer 'n erkenning dat die Gees in die Ou Testament vooruit getuig oor die Christus nie, maar die eie interpretasie van die Bybelvertaler.

## 3 'n Voorbeeld van betekenisvervlakking

D L, I, 5 haal Fil. 1: 29 aan om te onderstreep dat die geloof 'n genadegawe van God is: “Dit is aan julle genadiglik gegee om in Christus te glo.”

Die 1983-Vertaling maak hiervan: “God het julle die voorreg gegee om Christus te dien, nie alleen deur in Hom te glo nie ....”

'n Voorreg kan ook aan 'n verdienstelike persoon gegee word. Hierdie woord beklemtoon nie meer die unieke betekenis van genade nie, naamlik dat dit verbeurde guns is, en dis juis hierdie aspek wat in D L I, 5 so sterk na vore gebring word.

## **BYLAE J: Besware vanuit die belydenis in die Heidelbergse Kategismus:**

In Sondag 6 van die Heidelbergse Kategismus bely die Gereformeerde Kerke die eenheid van die Bybel as evangelie, d.w.s. sowel die O.T. as die N.T. is die heilige evangelie wat God geopenbaar het en wat ons geloofsinhoud is.

Maar die NAV bied die O.T. nie-Christologies aan (vgl. hier Ned. Geref. TEOLOGIESE TYDSKRIF deel XXV nommer 4 September 1984 bls. 374: “Die vraag ontstaan onwillekeurig of die Nuwe Afrikaanse Vertaling nie gaan bydra tot 'n gebrek aan begrip by sy lesers, deur die Ou Testament op 'n nie-Christologiese wyse aan te bied.” Hier word verwys na Jesaja 53 en Daniël 9.

Hierdie eenheid van die Bybel word ook uitdruklik geleer in 1 Petrus 1: 9 - 12 en 2 Tim. 3: 14 - 17.

Tog is reeds duidelik aangetoon dat sowel die Psalms as Profeteboeke in die NAV aangebied word as sou dit bloot op Israel in daardie bepaalde periode waarin dit gebruik was, betrekking hê. Hier het ons te doene met die denkrigting in die moderne Teologie wat die Bybel benader as geskiedenis van mense se geloofslewe in bepaalde eras.

Daarmee is die belydenis van die Kategismus, waarna hierbo verwys is, tot niet gemaak deur blote vertaling. Die Kerke moet hulle verantwoord of so 'n vertaling gebruik kan word om geloof te bou. Die aanbevelings in hierdie rapport spreek hieroor duidelik.

### Besware vanuit die Nederlandse Geloofsbelydenis:

In die NGB bely die Gereformeerde Kerke in artikels 3 - 7 die Goddelike inspirasie van die O.T. en die N.T. Drie kanonieke boeke word by name genoem. Ons verwys veral na art. 7: “Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkomelik bevat en dat alles wat die mens moet glo tot saligheid, daarin genoegsaam geleer word.”

Met verwysing na dieselfde foute in die NAV as hierbo genoem, kan sonder meer gekonstateer word dat hierdie belydenis nie sy neerslag vind in die NGB nie. Die vraag is nou of die belydenisskrifte verander moet word sonder behoorlike besinning langs die erkende Kerklike weg, en of die NAV ongeskik vir kerklike gebruik verklaar moet word. Ook hieroor word in die aanbeveling van hierdie rapport duidelike voorstelle gemaak.

## **BYLAAG K: Die "weg-vertaling" van Bybelwoorde - wins of verlies?**

Prof E A C Pretorius, Universiteit van Suid-Afrika

Die 1979 Afrikaanse vertaling van die Nuwe Testament en Psalms is besonder gunstig ontvang vanweë sy duidelikheid en "leesbaarheid".

Dit het waarskynlik ook tot meeste Bybellesers deurgedring dat hierdie voordele nie toevallig bereik is nie, maar te danke is aan 'n werklik nuwe vertalingstegniek wat wêreldwyd beoefen word. Dit mag ook bekend wees dat die nuwe tegniek gebaseer is op grondige wetenskaplike studie van die wese en funksionering van die taal as sodanig.

Teenoor die ouer vertalings, wat meestal as letterlik, formeel-korresponderend of konkordanties bestempel kan word, word die beginsel van dinamiese ekwivalensie in feitlik alle nuwe vertalings toegepas. (Vergelyk die uiteensettings van J H Roberts, 1974, 1975.) In wese kom dit daarop neer dat die taalstruktuur en idioom wat eie is aan die oorspronklike taal, nie kunsmatig oorgedra, respektiewelik opgedring kan word aan die ontvangertaal, terwyl slegs die woorde van eersgenoemde met dié van laasgenoemde vervang word nie. Daarmee hang ook ander riglyne saam, byvoorbeeld dat onhanteerbare lang sinne onderverdeel word en dat abstrakte selfstandige naamwoorde liefers in verbale vorm getransformeer word.

Ten spyte van die gunstige resultate van hierdie metode, sal niemand seker beweer dat die ideaal nou bereik of bereikbaar is nie. Die vraag moet met J J Pilch (1980) gevra word: *Ideaal waarvoor?* Vir hom is dit duidelik dat dit eerder die linguisties-ekwivalente of formeel-korresponderende vertalings is wat die voorkeur verdien by ernstige studie, sy dit in Bybelstudie-groepe of aan akademiese inrigtings.

Die dinamies-ekwivalente vertalings daarenteen is meer geskik vir openbare voorlesings, dramaties of liturgies.

Die behoud van sekere formele trekke van die oorspronklike taal blyk inderdaad voordelig te wees in studie en onderrig. O C Edwards (1980) beweer byvoorbeeld dat 'n mens om hierdie rede in die vertaling van R Lattimore kan hoor dat die Evangelies deur verskillende mense geskrywe is - "because they reflect the sentence structure of the original". In vergelyking met die "Good News" vertaling, geld van hierdie vertaling: *"Not so smooth and not so lucid, but for that very reason much more like the Greek."*



Ten opsigte van Engelse vertalings word die Revised Standard Version, wat Pilch ook onder die formeel-korresponderende vertalings reken, by voorkeur vir akademiese werk gebruik. Terwyl die nuwe Afrikaanse vertaling egter oorbeweeg na die dinamies-ekwivalente kant, mag dit blyk dat hierin 'n leemte ontstaan het, naamlik die gebrek aan 'n meer formeel-ooreenstemmende Afrikaanse vertaling. Die ou-vertaling kan om voor-die-hand-liggende redes nie in hierdie behoeftes voorsien nie.

Die mees opvallende probleem in dié verband is dat sekere kernwoorde van die oorspronklike Bybelteks onherkenbaar raak of "verdwyn" in die nuwe vertalings, vir diegene wat nie met die grondteks vertrou is nie.

Dit is onlangs opgemerk dat dit met die "ou" vertalings gebruiklik was om van studente te verwag om sekere "onderstreepte woorde" te verklaar. Met die nuwe vertalings is dit egter meer sinvol om te vra na die onsigbare onderliggende term, aangesien die vertaling reeds 'n mate van verklaring en verduideliking behels!

Pilch beveel aan dat 'n formele ekwivalente teks in elk geval saam met dinamies-ekwivalente tekste gebruik word "*in order to appreciate the richness and complexity of the message, as well as variations in understanding and expressing the message*" (1980, 76).

Dit hang saam met die feit dat die moderne vertaler reeds in sy vertaling 'n keuse gedoen het ten behoeve van sy leser tussen die verskillende vertalingsekwivalente. Terwyl die formeel-ekwivalente vertaling die ambivalensie van die oorspronklike term behou, word 'n beslissing in die dinamies-ekwivalente vertaling gevel op grond van die beginsel dat 'n woord slegs één saak kan beteken. Dit wat die oorspronklike lesers sou verstaan het, word dus gespesifiseer en dit word as die (enigste) betekenis deurgegee aan die moderne leser.

Dit moet egter toegegee word dat die oorspronklike leser 'n wyer keuse en assosiasie-moontlikheid gehad het en dat daar 'n subjektiewe element is in die besluit oor watter betekenis die woord aan hom sou gekommunikeer het. In die formeel-ekwivalente vertalings word die sinsverband en konteks wat die vertaler in sy keuse lei, dan ook tot 'n veel groter mate aan die moderne leser deurgegee.

Daar kan groot begrip wees vir die uitskakeling van letterlike leksikale ekwivalente van Bybelterme, waar dit in die ontvangertaal mettertyd ander konnotasies of selfs 'n zero-betekenis in godsdienstige konteks verkry het. Roberts noem as voorbeelde "grace", "peace" en "love" (1974, 9).

Die metode waarop hierdie probleem soms oorkom word, kan ons insiens egter lei tot 'n onaanvaarbare relativisering en verskraling van die inhoud van sulke terme. 'n Enkele voorbeeld kan ter illustrasie dien.

Die vertalingsmoontlikhede van *charis* (genade) word deur DC Arichea jr bespreek in sy artikel "*Translating 'Grace' (Charis) in the New Testament*" in *The Bible Translator*, 29 nr 2, Apr 1978, 201 vv. Hy beskou dit as een van vele terme in die Bybel wat baie ryk aan teologiese betekenis is en dus aan die vertaler baie

moontlikhede bied. Hierdie moontlikhede moet ontdek en in die vertaling opgeneem word om dit duidelik, maklik verstaanbaar en veral teologies lewendig te maak.

Hy wil heeltemal wegkom van die letterlike vertaling met "grace" in dié gevalle waar die RSV en selfs TEV dit nog behou het en brei dus die aansienlike lys van vertalingsekwivalente van TEV nog verder uit. Met die uitsondering van Gal 1 : 3, waar dit *blessing* of *goodness* beteken en 2 Kor 12: 9, waar God self moontlik bedoel word, beveel hy aan dat *God's love* in al die ander gevalle vir die vertaling van *charis* gebruik word. Op dié wyse slaag hy wel tot op groot hoogte daarin om die oorspronklike teks op 'n duidelike, verstaanbare en sinvolle wyse weer te gee.

Die vraag is egter of hier nie ook 'n verlies aan te teken is nie. Hoor die huidige leser met *God's love* (indien dit wel vir hom religieuse inhoud kan hê) dieselfde as wat die oorspronklike lesers met *charis* kon verstaan? Kom die element van onverdiende en onverwagte bemoeiing hoegenaamd na vore? Arichea stel verder ook by Joh 1 : 14 voor: "*If ,glory' can be taken to mean ,greatness' . . .*" Weer eens: Kan 'n term soos *doxa*, met die konnotasie van 'n teofanie wat daaraan geheg word, ooit adekwaat met *grootheid* weergegee word? En kan dit dan verder op één vlak gestel word met dié gevalle waar *grootheid* letterlik ter sprake is in die oorspronklike teks?

Die nuwe Afrikaanse vertaling probeer by geleentheid om die probleem op 'n ander wyse te oorbrug, byvoorbeeld in sy weergawe van *hagioi* (heiliges) in die brief aan die Kolossense. In die ses gevalle waar die woord voorkom 1: 2, 4, 12, 22, 26 en 3: 12, sal die leser van die vertaling slegs by 1: 22 daarvan bewus word dat daar in die oorspronklike letterlik van *heiliges* sprake is. In 1: 2 sal hy die afgeleide omskrywing vind: *almal . . . wat aan God behoort*. In 1: 4, 12 word die *hagioi gelowiges* terwyl hulle in 1: 26 weer word *die mense wat aan Hom behoort* en in 3: 12, deur 'n kombinasie met *eklektoi, die uitverkore volk van God*.

Weer eens kan op 'n wins aanspraak gemaak word ten opsigte van duidelikheid en verstaanbaarheid en die uitkakeling van 'n term wat aan betekeniserosie ly en nie maklik op die oor van die moderne hoorder val nie.

Maar is die volle inhoud van die skrywer se bedoeling in elke geval oorgedra? Hy het immers nie, soos hy kon, dit só in die Grieks gesê as wat die vertaling dit wil nie. Afgesien van die etiese en soteriologiese meerwaarde in die oorspronklike, verdwyn ook die eskatologiese vooruitgryping wat so tipies is in die Nuwe Testament en die dinamiese element van *word-wat-God-jou-in-Christus-noem*. Met so 'n wysiging in die "note" kan die "melodie" moeiliker gevolg word en is die literêre struktuur nie meer afleesbaar sonder verwysing na die grondteks nie.

Dit blyk dus dat die intelligente Bybelleser en die student bewus gemaak sal moet word van die feit dat sy taak wel enersyds vergemaklik word deur hierdie kontekstuele, selektiewe en selfs interpretatiewe vertalings, maar dat dit andersyds

moeiliker word omdat toegang tot die grondteks, of ten minste 'n formeel-ekwivalente teks noodsaaklik geword het.

'n Konkordansie wat die verskillende vertalingsekwivalente saamgroepeer by die Griekse term wat hulle vertaal, soos dié van G V Wigram (1976) gee 'n aanduiding van die behoefte in dié verband. Dit is egter nie onproblematies nie en 'n dergelike konkordansie sal vir elke vertaling besorg moet word.

Die nuwe Afrikaanse vertaling het nie tot uiterstes gegaan met die dinamies-ekwivalente vertaaltegniek, soos bv die Lewende Bybel nie (vergelyk Roberts, 1977). Terme soos *doxa* (heerlikheid) *soteria* (redding, verlossing), ens. word redelik konsekwent behou. Waarskynlik is die semantiese struktuur van baie terme nog nie genoegsaam ondersoek om alternatiewe vertalingsekwivalente met vertroue aan te bied nie.

Nogtans het die proses 'n aanvang geneem en moet die probleme wat dit skep in 'n situasie met één offisiële vertaling, vroegetydig onder oë gesien word.

### Bibliografie

1. D C Arichea jr: "Translating 'Grace' (Charis) in the New Testament" in The Bible Translator, Vol 29 no 2, Apr 1978, 201 ff.
2. O C Edwards jr: Resensie van "The Four Gospels and the Revelation". Trans. Richmond Lattimore, New York Farrar, Straus, Giroux, 1979, in Anglican Theological Review, Vol LXII no 2, Apr 1980, 177 ff.
3. J J Pilch: "Selecting a Bible Translation" in Biblical Theology Bulletin Vol X no 2, Apr 1980, 71 ff.
4. J H Roberts: "Dynamic equivalence in Bible Translation" in Neotestamentica 8, 1974, 7 ff.
5. "Wat behels 'n dinamies-ekwivalente vertaling?" in NGTT 16 (3, 1975) 193-206.
6. "Die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling" in Theologia Evangelica (2/3, 1976) 93-108.
7. Resensie van "Die Lewende Nuwe Testament in Afrikaans" in Theologia Evangelica 12 (1, 1979) 68 vv.
8. G V Wigram: Englishman's Greek Concordance of the New Testament. London: Samuel Baxter, 1976.
9. Die uitgebreide literatuurverwysings by die artikels van J H Roberts hierbo is ter sake, maar word nie hier herhaal nie.

## BRONNELYS

- Bekker, I L    Hebreuse Poësie, Job en Bybelvertaling 1983.
- Bijzet, K     Enkele besware teen die NAY (Kommentaar-skrywe) 1983.
- Boessenkool, W                                        "Die Nuwe Afrikaanse Bybel" in Woord en Wandel 1984.
- Boonstra, H     "Biblical metaphor - more than decoration". in Christianity today XX1/6 1976.
- Droomer, N    Besware vanuit die Dordtse leerreëls teen die 1983-vertaling van die Bybel in Afrikaans. (Kommentarskrywe) 1984.
- Fensham, F C    "Probleme van die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling" in Tydskrif vir letterkunde 16/1 1978.
- K J K    "'n Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling" in Mededelingsblad, Sept - Nov 1983.
- Kooy R van der                                        "Die Nuwe Afrikaanse Bybel: Vertaling of Parafrase?" in Kerk en Woord, Jan/Feb 1984.
- Nida, E A     "Translating means communicating: a sociolinguistic theory of translation, I and 11" in Bible Translator 30, 1979.
- Venter, M    Die name van God. (Kommentarskrywe) 1984.
- Waal, C van der                                        "Bybelvertaling" in Kerk en Woord, Nov 1975.